Kyk, Meer As Salomo Is Hier

Dankie, Broer Borders.

2 Kom ons buig ons hoofde, net 'n oomblik nou, vir gebed. As ons enige versoeke het, laat ons ons hande oplig na God en saggies, in ons hart, sê: "God, onthou my."

3 Ons Hemelse Vader, ons het weer vergader, vanaand, nog een dag nader aan daardie groot tyd wanneer U tyd in Ewigheid sal intrek. Ons het die voorreg gehad om vandag te lewe, en te sien, baie van ons, en te hoor, en ons sintuie te hê, die Gees van God te voel in ons hart. Ons is dankbaar daarvoor. Vanaand, net voor die diens, is harte warm gemaak en die hande het opgegaan. Verwagting, vanaand, is groot, Vader. Help ons nou om te ontvang waarvoor ons vra. Ek vra dat U u Seun, Christus, sal verhef, voor die gehoor, vanaand. In die Naam van Jesus Christus vra ek dit. Amen.

4 Julle kan maar sit. Julle is so 'n gawe gehoor, en so lekker om mee te praat, ek het te lank gepraat, julle te laat gehou. Môre-aand is ons afsluitingsdiens. Ek glo regtig die Heilige Gees het vir ons bewys dat Hy hier is. Nou, laat ons nou alles druk wat ons kan, gebed. En gereed wees, wat Hy ook al vir ons het, dat ons dit sal ontvang.

5 Nou, daar's baie besoekers hier. Daar's sommige hier van ander dele van die land. En nou, in die oggend, besoek Sondagskool. Hierdie manne hier is diensknegte van Christus. Hulle is mense wat in hierdie selfde bediening glo wat ek preek, hulle is predikers, medewerkers, burgers van die Koninkryk van God, hulle het kerke hier, hulle sal bly wees om julle te hê in hulle . . . môre-oggend, om hulle kerke te besoek, elkeen.

6 En julle weet . . . Ek neem aan hulle het daardie stelling gemaak, maar ek sê altyd dit: Dis 'n sonde om jou kinders Sondagskool toe te stuur. Hoeveel weet dit? Dis 'n sonde om jou kinders Sondagskool toe te stuur; jy moet hulle neem. So maak seker julle doen dit. Gaan saam met julle kinders, môre, Sondagskool toe. Hierdie manne, het miskien, hulle kerk georganiseer in 'n goeie posisie om vir enige ouderdom te sorg, en al die jonges en oues en *wat nog*. Julle sal die Woord van die Here hoor.

7 En ek bid dat elkeen van hulle kerke, môre, so gevul sal wees met die Heilige Gees dat daar tekens, wonders, wonderwerke en dinge sal plaasvind in hulle kerk, en daar 'n groot glorie en eer aan ons Here Jesus Christus gegee sal word. Ek vertrou dit met my hele hart.

8 Nou, vinnig, om reg in die boodskap van vanaand in te gaan. En wil nou seker wees, môre-middag, ek dink dis twee-uur, of twee-dertig, of iets. En hoeveel gebedskaartjies . . . ? Het ons baie gebedskaartjies uit? Ons moet hierdie maak . . . Julle weet, ons moet vir hulle bid. Elke persoon, wat 'n gebedskaartjie kry, word voor gebid. En hulle sal môre-middag gebedskaartjies uitgee, omtrent 'n, o, 'n tydjie voor die diens begin, ek sou sê ten minste vyf-en-veertig minute, sodat hulle nie sal inmeng met die—met die aand, of, die middagdiens nie. So die seun sal hier wees, en hy sal iemand saam met hom hê om te help, en hulle sal gebedskaartjies uitgee omtrent, miskien 'n halfuur in elk geval, of miskien 'n bietjie langer, vir enigiemand wat 'n gebedskaartjie wil hê. En ons sal bid vir elkeen wat ons kan.

9 Ek het baie hard probeer, maar, met my hand op die Bybel, vanaand, en daar's mense hier by my wat weet dat hierdie dienste op-en-af met die kus toetsdienste was. Ek vertrek op die sendingvelde. As ek ooit weer terugkom, sal dit 'n ander soort diens wees van wat ek gehou het, ek sal net vir die siekes bid. Sien? Ek . . . Dit . . . Die onderskeiding werk nie met die mense van Amerika, die intellektuele mense nie, hulle sien dit nie, een van daardie dinge kan in Afrika gebeur en twintig en dertigduisend sal meteens na die altaar toe stroom.

10 Maar ons is ietwat soos . . . 'n Dame was opgemerk, in ons land, in 'n tien-sent winkel nie lank gelede nie. Sy het probeer om vir 'n klein seuntjie alles te wys wat 'n klein seuntjie se aandag behoort te trek, en naderhand, sou sy klokkies optel en dit skud, en hy sou net staar, net reguit voor hom kyk. En uiteindelik, was die dame so ontsteld, sy het net oor die toonbank geval.

11 Party van die mense wat daar gestaan het, het na haar toe geloop en wou weet wat makeer, sy het gehuil, sy het gesê: "Dis my klein seuntjie." Sy het gesê: "'n Tydjie gelede het hy net gesit, begin sit, en staar." En gesê: "Niks wat 'n seuntjie, van sy ouderdom, behoort aan te trek, trek hom meer aan nie, hy staar net in die verte."

12 Dis omtrent hoe die kerk geword het, God het elke geestelike gawe geskud wat geskud kan word, wat in die Bybel genoem word, voor hulle, en hulle staar net. Wel, ek reken dis alles reg, miskien, ek reken dis so.

13 Herinner my aan 'n ou digter, 'n Engelse—'n Engelse digter, ek vergeet sy naam. Hy het geskryf . . . Hy was altyd lief vir die see, maar hy het dit nooit gesien nie, so eendag het hy afgegaan see toe, en hy het 'n ou matroos ontmoet wat van die see af gekom het, en hy het gesê: "Waarheen gaan jy, my goeie man?"

14 Hy het gesê: "Ek gaan see toe," gesê: "ek het daaroor geskryf, maar ek het dit nog nooit gesien nie." Gesê: "Ek wil graag sy soutbranders ruik, ek wil graag die wit kruine sien soos hulle breek, die seemeeue hoor terwyl hulle vlieg."

15 En die ou sout, matroos, met baard op sy gesig, het sy mieliestronkpyp uitgehaal en gespoeg, hy het gesê: "Ek is sestig jaar gelede daarop gebore, ek was van toe af daar, ek sien niks so opwindend daaraan nie."

16 Wat is dit? Hy het dit soveel gesien dat dit algemeen geraak het vir hom. Dis wat fout is met ons Pinkstermense. Ons het soveel van die heerlikheid van God gesien, dat dit algemeen is vir ons, dit beweeg ons nie meer nie.

17 Ek het so hard probeer. Hierdie is my Amerikaanse afsluitingsdiens. Ek was beslis, gevoel om na hierdie streek toe te kom. Ek het hierdie gawe groep manne geneem, nou die oggend, vir ontbyt, en het nog nooit so 'n gawe groep manne, enige beter in my lewe ontmoet nie, ware Geesmanne, harte vol liefde vir hulle mense, hulle is pastore, herders.

18 Julle ken nie die stryd, wat hierdie manne gevoer het, om hierdie diens hiernatoe te bring nie. Dis reg. Maar hulle wil dit voor hulle mense hê, hulle is geïnteresseerd in hulle mense se groei in die genade van God, en hulle probeer hulle kry om meer van God te weet. En wanneer hulle hoor van iets van God, dit ondersoek en dink dis reg, bring hulle dit voor die mense ongeag van van die prys wat betaal moet word. Ek vereer en respekteer sulke manne. Dis reg.

19 En ons het hande-oplegging in dienste gehad, ons het dit gehad sedert, jare en jare en jare en jare. John Wesley het vir die siekes gebid, Calvyn, Knox, Spurgeon, regdeur, het hulle vir die siekes gebid en hande op die siekes gelê. Die Pinksters het ingekom met praat-in-tale en uitlegte, ensovoorts, en aan, maar nooit het ons ooit gesien wat die Heilige Gees nou vir ons doen nie. Sien?

20 En dis wat ek by die mense probeer kry, dat julle nie hoef te wag tot een of ander spesiale gawe deur die land kom nie, Christus is altyd-teenwoordig by Sy Kerk. Wat as jy hierbuite gelê het, op die pad, besig om dood te bloei in 'n ongeluk? Dan sê jy: "Ek moet stuur, vir Broer Branham kry, Broer Roberts, of iemand kry, om vir my te kom bid"? Christus is net daar, altyd-teenwoordig. Sien? Dis wat ek die mense wil laat sien, maar na reis-na-reis, regoor die volk, bly dit steeds dieselfde.

21 En sover ek weet, behalwe as Almagtige God aan my openbaar om iets anders te doen, sal hierdie my laaste diens in Amerika, die Verenigde State, onder onderskeiding wees, ek sal altyd preek en bid vir die siekes. Wanneer ek in ander lande ingaan, sal ek dit gebruik. Want jy weet nooit, sal nooit weet wat dit aan my doen nie, dit verswak my, een visioen sal my baie langer moeg maak as . . . meer as om vir drie ure hier te staan en preek. En ek doen dit, ontspan myself om uit te vind wat sal gebeur, en dis . . . dit werk net nie, dis al.

22 Ek het in Suid-Afrika gestaan, een middag, met tussen omtrent . . . omtrent tweehonderdduisend mense, 'n platvorm, iets soortgelyks aan hierdie, gebou waar 'n wedrenbaan . . . Ek moes dit aan die kant van die wedrenbaan bou, daarbo gestaan, geen manier om gebedskaartjies uit te deel nie, daar was net duisende der duisende. Ons het niemand gehad . . .

23 Ek het die sendelinge gehad: "Gaan haal een persoon uit julle stamme vir wie julle preek." Hulle het 'n groep mense opgelyn. Die eerste wat oor die platvorm gekom het, was 'n Mohammedaanse vrou, rooi kol op haar voorkop, soos julle weet volbloed Mohammedaan.

En ek het gesê: "Waarom het jy na my toe gekom? Jy's 'n Mohammedaan."

Sy het gesê: "Ek is."

Ek het gesê: "Waarom het jy na my toe gekom, as 'n Christen?"

Sy het gesê: "Omdat ek dink jy kan my help." Baie goed, Engels gepraat.

En ek het gesê: "Het jy al ooit die Nuwe Testament gelees?"

Sy het gesê: "Ek het."

En ek het gesê: "Dan het jy gesien waarvan ek pas klaar gepraat het, dat wat Hy was, dieselfde gister . . . "

Sy het gesê: "Ja, meneer."

24 Ek het gesê: "As die Heilige Gees dan aan jou sal openbaar, dan sal jy weet dat jou Mohammedaanse profeet dit nie kan doen nie, hy's dood en begrawe, maar Christus, die Seun van God, het weer opgestaan en lewe vir ewig."

Sy het gesê: "As Hy kan openbaar soos Hy het, in die Nuwe Testament daar, soos dit sê, sal ek Hom as my Verlosser aanvaar."

25 En toe . . . Ek het gesê . . . Weer na haar gekyk, ek het gesê: "Jy het 'n sist op die baarmoeder. Jou man wat net daar sit, hy's 'n lang maer man. Maar jy was by 'n dokter 'n paar dae gelede, met 'n swart snor, geset, met 'n grys pak aan, en hy het jou by die vroulike orgaan ondersoek, en gesê, op die eierstok, het jy 'n sist."

Sy het gesê: "Ek aanvaar Jesus Christus as my persoonlike Verlosser," en tienduisend Mohammedane het op daardie oomblik na Christus toe gekom.

26 Voor ek oorgegaan het, het ek in 'n Kiwanis Klub gepraat, en daar was 'n paar predikers teenwoordig. En hulle het van een man daar gepraat, wat twintig jaar daar was, en gesê: "Daardie kosbare juweel," het een Mohammedaan bekeer. Dan sê hulle vir my dat ek mal is, en wat hulle *mal* noem, en wat hulle *sielkunde* en *verstandstelepatie*, of 'n *bose gees*, of iets noem, het meer Mohammedane na Christus bekeer in een vyf-minute-se-tyd, as

al die intellektuele traktaatjies en alles wat in 'n honderd-en-vyftig jaar uitgedeel is. Sien? Daar het julle dit.

27 Volgende wat op die platvorm gekom het, was 'n skeel-oog seuntjie. Terwyl ek na hom gekyk het, het ek gesê: "Nou, ek het geen krag om sy oë reguit te maak nie, julle weet ek het nie, ek's net 'n man. Kyk na die klein outjie." En ek het gesê: "Maar nou, sover dit sy lewe aangaan . . . " deur na hom te kyk.

28 En so toe, terwyl ek gepraat het, het die klein seuntjie . . . Ek het gesê: "Hy kom uit 'n—uit 'n Christenhuis, want in sy hut, soos jy by die deur ingaan, is daar 'n foto van Christus wat hang aan sy regterkant van die deur, soos jy ingaan. Sy ma en pa is Zoeloes, maar hy is . . . hulle is nogal maer, lang mense," en hulle het opgestaan, ver agter, miskien 'n stadsblok ver, dat dit reg was. En ek het gesê: "Nou, die ma, sy het vir die pa gewys, sodra die baba se oë oopgegaan het, dat hy skeel gebore is."

29 Ek het agtertoe gekyk en die kêreltjie wat daar gestaan het, sy magie opgeswel, geen klere aan nie, en daar het hy daar gestaan, *so* na my gekyk. Toe ek teruggekyk het, was sy oë so reguit soos myne, ek het gesê: "Enigiemand sien sy oë is reguit," hom reguit laat deurgaan.

30 Hoeveel het al ooit gehoor van Dr. F. F. Bosworth, ou Broer Bosworth? Een van die goddelikste, ou manne wat ek ooit in my lewe ontmoet het. Daar was hy, op die platvorm gestaan, ek het hom hoor pro- . . . Wie het ooit vir Ern Baxter geken? 'n Ware teoloog, 'n broer in Christus, het ook daar gestaan.

31 En 'n Britse dokter het betwis, daar opgekom, en gesê: "Wat het jy aan daardie babatjie gedoen? Het jy hom gehipnotiseer?"

32 En ek het gesê: "En dan het die Britse regering vir jou 'n lisensie gegee om medisyne te praktiseer, niks meer van hipnose geweet as dit nie! As hipnose 'n baba se oë sal reguit maak, wat skeel is, beter julle dokters hipnose toepas."

33 Gesê: "Wel, Mnr. Branham, ek het die baba op die platvorm gesit, *daaronder*, en die baba se oë was skeel, en *hier*," hy het hier gestaan, onder sy hand, sê: "is sy oë reguit. Iets het gebeur tussen *daar* en *hier*."

En ek het gesê: "Ja, hy het vir Christus ontmoet."

34 Nou, hy het gesê . . . 'n Baie groot lelie . . . Party van julle dames hou van lelies. Party van daardie lelies daar is agtien duim breed, en daar, die groot ruikers van hulle oor die platvorm, ek . . . hy het gesê: "Ek weet God is in daardie blom, ek is geleer om dit te glo, dis lewe. Ons kan dit nie produseer nie, dis waar, maar," gesê: "as . . . is Hy tasbaar genoeg om daardie seun se oë te laat reguit word?"

35 Mnr. Bosworth het sy hande op hom gesit, gesê: "Meneer, jy gaan 'n oproer veroorsaak, kyk nou uit daarin." Gesê: "Jy neem

te tyd in beslag, terwyl Broer onder die salwing is. Ons sal jou moet vra om te gaan."

En hy het gesê: "Net 'n oomblik. Mnr. Branham, wat het met daardie seun gebeur? Is Jesus Christus tasbaar genoeg om daardie oë reguit te maak?"

36 Ek het gesê: "Jy sal, my woord moet neem, hy het net *daar* gestaan, ek het nie eers aan hom geraak nie. Die—die geloof van daardie pa en ma, daarbuite, en hierdie kind, sy oë is reguit."

Hy het almal teruggestoot, en opgestap na die platvorm, sy hand opgesteek en gesê: "Dan aanvaar ek Christus as my persoonlike Saligmaker."

37 En toe ek op pad was om te vertrek, omtrent vyf-en-twintig of dertigduisend, wat buite na die vliegtuig toe, totsiens waai, het hierdie kêrel oor hulle rye gespring, en daar uitgehardloop, my om die nek geval, en in tale begin praat. En hy het gesê: "Ek het weggegaan. Nou, gaan ek 'n mediese sendeling na die inboorlinge wees, daar agterin, onder die Pinksterstelsel." O, goeiste.

38 Daardie middag, toe ek daar gestaan het, nog net een geval, ek sal nie tyd hê om dit te vertel nie, maar toe dit gebeur het, het ek gesê: "Hoeveel van julle wil Christus as persoonlike Saligmaker ontvang? Ek wil hê julle moet julle hand opsteek." Dertigduisend het opgestaan, dertigduisend kombers-inboorlinge, wat nie geweet het wat regter en linkerhand was nie, vroue wat daar gestaan het, met geen klere aan nie, net 'n doekie vier duim breed, krale.

En iemand het gesê: "Ek dink hulle het bedoel fisiese genesing."

39 Ek het gesê: "Ek het nie fisiese genesing bedoel nie. Is julle oortuig dat die Bybel, wat ek julle pas vertel het wat Hy was, is die God wat hierdie doen?" Elkeen van hulle het hulle hande opgesteek. Ek het gesê: "As jy opreg is, breek jou afgod op die grond." Dit was soos 'n stofstorm, soos *daardie*, en dertigduisend kombers-inboorlinge het Christus as hulle Saligmaker op een keer aanvaar.

40 En die volgende oggend het Sidney Smith, die burgemeester van Durban, Suid-Afrika, my gebel en gesê: "Gaan na jou vensters toe, wat wys na die see, gou-gou, jy sal iets sien wat jy nog nooit gesien het nie." En daar het sewentien vragmotorvragte, groot vervoerwaens, en hulle is so lank soos van *hier* tot waar dit sê "Uitgang" *daar* oorkant, net vol van . . .

41 Ek het een gebed gedoen, gemeente gebed, vir daardie duisende der duisende, net oseane mense, julle het die foto daarvan gesien. En dan . . . Dis die transposisie in hierdie ding. En wanneer julle—wanneer julle daar kyk . . . En ek het daarbuite gekyk, en hulle het daarbuite gelê en ek het net gestaan en my hand opgesteek, en een klein gebedjie gedoen van omtrent vyf

minute, oor elkeen van hulle en gesê: "As julle glo dat daardie Gees, wat die verborgenhede van die hart ken, die God van die Bybel is, aanvaar dan julle genesing."

42 En die volgende dag het ek by die venster uitgekyk, en sewentien van daardie groot vervoer-wavragte wat afkom, en daardie inboorlinge wat gelê het in daardie dinge wat hulle hulle in gedra het, en krukke, en rystoele, en draagbare en alles, het agter dit geloop, en gesing: "Alles is moontlik, glo net."

43 Dr. F. F. Bosworth is een van die eerlikste manne wat ek al ooit gesien het, hy sou nooit. . . hy sou onderskat in plaas van oorskat, hy het gesê: "Broer Branham, toe ek daardie massiewe ding sien plaasvind het," gesê: "ek kan met my hand op die Bybel sê dat ek onderskat vyf-en-twintigduisend besondere wonderwerke plaasgevind het op een keer."

44 En ons draai ons koppe, en stap weg, en sê: "Wel, reken dit was goed." Hulle sal opstaan en ons veroordeel. Dis reg. Dis reg. Julle is my mense, ek's Anglo-Saksies, julle is—julle is my mense. Julle is die een wat ek. . . Julle is—julle is soos ek, julle is witmense, en—en ek—ek's—ek's—ek's hier om vir julle te sê, maar julle opvoeding het julle geruïneer. Dis presies reg. Dit het julle weggeneem van God af, dit doen dit altyd. Geleerdheid is die grootste vyand wat die Evangelie ooit gehad het, ek sê dit met my hele hart, dis die grootste vyand wat die Evangelie ooit gehad het. Dis baie moeiliker om 'n geleerde heiden te deel as een wat ongeleerd is.

45 Laat ek vir julle iets vertel, reg in daardie selfde plek, en ek het vir hierdie mense gevra, ek het gesê: "Moet nou nie wag tot jy tale gaan leer nie, gaan, vertel vir almal in jou stam." Ek het koerant uitknipsels waar, ek vergeet nou hoeveel, vragte vuurwapens en goed wat hulle gesteel het, net in die Shangaanstam, hulle teruggebring het. Die burgemeester van. . . Die koerant van Durban het dit berig, dat hulle klaar was met sonde.

46 En let op, laat my net iets sê, nie om ontheiligend te wees nie, maar om broederlik, en goddelik te wees, en julle te waarsku: Daardie vroue, wat poedelnakend daar gestaan het, met niks behalwe 'n doekie aan nie, en so—sodra hulle Christus as hulle Verlosser ontvang het, het hulle daar weggestap met hulle arms gevou. Antwoord my vraag, iemand: As net om Christus te ontvang 'n—'n vrou, wat nie regter of linkerhand ken nie, sal laat besef sy's nakend, hoe kan ons onsself Christene noem en gedurigdeur die klere die heeltyd uittrek? Daar's êrens iets verkeerd. Kom ons bid.

47 Hemelse Vader, ek het hard probeer, ek het alles gedoen wat ek weet, die res hang van U af, Vader. Ek—ek net. . . Ek bid dat U ons nou help terwyl ons U Woord lees, terwyl ons praat. Wat ook al U geroep het, het U beslis. . . dit sal kom. Ek vertrou dit alles

toe aan U, saam met myself, hierdie paar Woorde wat hier voor my lê. En ek bid dat U Dit sal heilig tot U eer.

48 Ek's jammer dat ek U mense te laat hou. En ek bid, Vader, in die wete dat die herlewing verby is, en mense gou moeg word, is ek—ek's jammer as ek enigiets verkeerd gedoen het. En ek bid dat U my sal help, vanaand, en ons U Woord sal laat sien, nog een keer, in Sy Lig, dan die siekes genees en die verlorenes red. Ons vertrou dit toe aan U in Jesus' Naam. Amen.

49 Mattheüs 12, vanaf die . . . by die 38ste vers. Julle is—julle is so gaaf, ek haat dit net om . . . Ek haat om myself te moet aanjaag. Sien? En ons is gewoond aan herlewingstyd, wanneer ons heelnag lank preek, heelnag bid, aand na aand, sien, die heeltyd, die heeltyd voortgaan. Wanneer daar 'n herlewing uitbreek, is dit net dag en nag, dag en nag. Ek gee nie om dat julle 'n dag se werk misloop nie, dis in die haak, maar ek wil nie hê julle moet, Sondagskool in die oggend misloop nie; moenie—moenie Sondagskool mis nie. As jy 'n dag se werk moet mis, sal ek nie te sleg voel daaroor nie, want al daardie goed is in elk geval verganklik, maar moenie Sondagskool mis nie. Ek sal julle vroeg laat uitkom sodat julle Sondagskool toe kan gaan.

38ste vers van Mattheüs 12:

> En daar het *sommige van die skrifgeleerdes . . . van die Fariseërs geantwoord, en gesê, Meester, ons wil graag 'n teken van U sien.*
>
> *Maar hy antwoord en sê vir hulle, 'n Slegte en* 'n *owerspelige geslag* soek *na . . . teken; en geen teken sal* daaraan *gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona:*
>
> *Want soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van die walvis was; só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees.*
>
> En *die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag, en dit veroordeel: want hulle het hulle op die prediking van Jona bekeer; en meer as Jona is hier.*
>
> *Die koningin van die suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag, en dit veroordeel: want sy het gekom van die* uiterstes *van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor; en, kyk, meer as Salomo is hier.*

50 Ek wil 'n teksie daaruit neem: *Kyk, Meer As Salomo Is Hier*.

51 Jesus was gewees . . . Ek stel my horlosie op alarm, sodat ek weet ek sal nie oortyd wees, vanaand nie. Jesus het die stede bestraf waaruit Hy gekom het, en Sy werke en tekens in gedoen het. Hy het hulle bestraf omdat hulle nie in Hom geglo het nie. As julle die vorige hoofstuk sal lees, die 11de hoofstuk, en die 12de hoofstuk lees, sal julle sien, daarin, waar daardie mense wat die

dag behoort te geken het waarin hulle gelewe het, hulle dit nie geken het nie, hulle het dit nie herken nie.

52 En in plaas van om net presies die dag te ken en die teken wat in Sy dag sou wees . . . Hy het hulle selfs bestraf, gesê: "Julle kan die hemele onderskei; maar die teken van die tyd kan julle nie onderskei nie. As julle My sou geken het, sou julle My dag geken het."

53 Nou, kom ons probeer net elke deeltjie hiervan indrink, vanaand. En ek weet dis anders, hierdie tekse het anders gevorm, ek . . . as waarna julle miskien geluister het, maar ek wil hê julle moet goed probeer luister, vanaand. Sien, hulle was—hulle het probeer om—om hulle eie idee te hê, en nie Skriftuurlik na Hom te luister nie, want Hy het vir hulle gesê: "Waarom ondersoek julle nie die Skrifte nie, want Dit is Dié wat van My getuig; Daarin dink julle julle het Ewige Lewe en Hulle getuig van My. En as Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie."

54 Hulle kon nie glo dat Hy God was en tog 'n Man was nie. Hy het gesê: "As julle My nie kan glo, as 'n Man nie, glo die werke. Laat die werke getuig, as julle My nie kan glo nie. As hulle sê Ek is buite-egtelike geboorte gebore, en Ek het geen geleerdheid nie, en Ek het nooit in enige van julle skole verskyn nie, ensovoorts, en julle kan My nie glo nie omdat Ek nooit onder julle doktrine ensovoorts gekom het nie, wel, glo die werke wat Ek doen; hulle getuig van My." Wat 'n bestraffing vir 'n—'n—'n volk.

55 Nou let op, al die stede waarnatoe Hy gegaan het, en Hy het Kapérnaüm bestraf: "Jy is tot in die Hemel verhoog, maar sal afgebring word na die hel. As die kragtige dade in jou gedoen is . . . wat in jou gedoen is, in Sodom gedoen was, sou dit waarskynlik vandag nog gestaan het." En hoe Hy een met die ander begin praat het van hoedat . . .

56 Iemand is siek *daar*. As van die broers haar wil uitneem, en neem, of, vir haar bid. Hou net jou hande op haar, Broer, en laat ek vir haar bid, net hier.

57 Ons Hemelse Vader, ek bid vir die suster. Laat die krag van Almagtige God op haar wees en haar verlos, Here. Ek vra dit in Jesus Christus' Naam. Amen.

58 Nou, wat dit is, sy het baie siek geword omdat dit baie beknop *daarrond* is, met die—die skare wat om haar sit. Daar's 'n man wat *hier* sit, net *hier*, wat reguit na my kyk, wat aan dieselfde ding ly. So net . . . As julle haar wil neem en haar laat rondstap, of haar uitneem, en haar 'n bietjie lug laat kry en dinge, en haar dan terugbring, sal dit in die haak wees.

Nou, terwyl hulle dit doen, luister julle na wat ons hier probeer—probeer sê. Nou, let op. Julle sal haar dalk moet dra, want sy het flou geword. Sien?

59 Nou, let op, Jesus het gesê dat Hy daardie mense bestraf het omdat hulle Hom klaar geweier het—het, in die dinge wat Hy gedoen het, en hulle kon dit nie verstaan nie. En Hy het hulle daarvan vertel. Nou, het God hulle teruggeantwoord, as gevolg van hulle ongeloof.

60 Nou, ons weet hierdie, dat God in elke geslag, wat op aarde was, altyd Sy gawes en tekens en wonders van bevestiging van Sy Woord getoon het, altyd. En mense is, selfs in die Ou Testament, in die dae waarna Jesus hier verwys het, Hy... Regtig, eerlikwaar, hulle het meer op die teken staatgemaak as wat hulle het op die teologie, want as die teologie, maak nie saak hoe groot dit skynbaar was nie, en hoe reg dit skynbaar was nie, as die Urim Thummim nie gespreek het dat dit reg was nie, was dit verkeerd. Sien? Hulle het staatgemaak op die bonatuurlike teken, maar die bonatuurlike teken kon nie net op enigiets kom nie, dit moes kom volgens die Woord.

61 Nou, dis hoe ons moet dophou, vandag. Ons het allerhande tekens, maar dit moet tekens van die Woord se belofte wees, die belofte van die Woord om hierdie te doen. En ons weet dat, in hierdie dag, ons kan soek vir dinge wat nie reg is nie, ons kan beslis, want Satan gooi sy hele leër daarbuite, om doen alles wat hy kan doen, om dit te stop, maar hy sal dit nooit doen nie. Die Woord van God sal standhou, Dit sal reguit voortgaan. So hy sal Dit nooit stop nie, dis een ding wat seker is.

62 Nou, God het altyd vir hulle tekens gestuur, en vir hulle gesê om hulle profete te glo, ensovoorts, in die Bybel. Toe Jesus hier, terwyl Hy daar gestaan het, na Hy soveel dinge gedoen het, toe kom hierdie Fariseërs op en het gesê: "Meester, ons wil graag 'n teken van u sien," wanneer hulle Hom presies sien doen het wat die Bybel gesê het Hy sou doen, en tog het hulle weer teruggekom, gesê: "Ons wil graag 'n teken van u sien."

63 En Hy het na hulle gekyk, ek neem aan soort van mismoedig en gesê: "'n Swak en owerspelige geslag soek na 'n teken; en hulle sal geen teken ontvang behalwe die teken van Jona nie," bedoelende Jona, die profeet: "soos hy drie dae en drie nagte in die maag van die walvis was; so moet die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees." Nou, ek wil hê julle...Nou, kyk watter soort geslag sou soek na hierdie teken: 'n swak, slegte, ongelowige, owerspelige geslag.

64 Hoeveel weet, en teoloë en Skriflesers wat weet, dat die Bybel, altyd, 'n veelvuldige antwoord het? Dit antwoord en antwoord altyd weer, Dit herhaal Homself, Dit kan nooit sterf nie, Dit is die Ewige Woord van God. En hier in Mattheüs, die—die 3de hoofstuk, hier het Hy gesê, Hy het gesê: "'Uit Egipte het Ek...' Dit vervul kan word wat deur die profeet gesê is: 'Uit Egipte het Ek My seun geroep.'" Volg julle kantlynverwysing en vind uit wat dit was, dit was Jakob Sy seun, maar dit het

ook verwys na Christus, Sy Seun. Dit het altyd 'n veelvuldige antwoord.

65 En nou, het Jesus, natuurlik, verwys na daardie geslag, maar enige slegte en ongelowige, owerspelige geslag. En as hierdie nie sy kwalifikasie sou nakom, hierdie geslag waarin ons vandag lewe, wêreldwyd nie, dan weet ek nie wat sou nie. Ons lewe in die tyd van een van die mees ongelowige, owerspelige geslagte wat ooit geken is.

66 Ek het 'n koerant opgetel, terwyl ek oor Hollywood gevlieg het, hier nie lank gelede nie, of, Los Angeles, en het gelees waar dat vier-en-sewentig ernstige misdade elke aand gepleeg is, ernstige misdade, in een stad: Los Angeles. Ek het in 'n Chicago-koerant gelees, nie lank gelede nie, waar drie . . . vyf-en-twintigduisend aborsiegevalle erken is in die stad van Chicago per maand, dink daaraan, en waar homoseksuele op hierdie Weskus toegeneem het met dertig persent van verlede jaar af. Diink daaraan: "'n Owerspelige geslag!"

67 O, as ons net tot omtrent twee-uur in die môre gehad het om daarop in te gaan: boosheid, owerspelige geslag. Dit sou die soort wees, en hulle sou dit kry. Wat was dit? Die teken van die opstanding. Nou, waar is ons?

68 "Soos Jona in die maag van die walvis was, sal die Seun van die mens in die hart van die aarde wees." Baie mense, vandag, dink Hy is steeds daar, maar Hy is nie dood nie, Hy het opgestaan uit die dood en is nou hier by ons, wat onder ons verskyn, Homself bewys, op-en-af met die kus, om die wêreld oral, dat Hy lewe. En die slegte en 'n owerspelige geslag sien 'n teken dat Jesus Christus lewendig is en nie dood nie. "'n Slegte en 'n owerspelige geslag sal soek vir 'n teken," en hulle sal dit kry, die teken van die opstanding. Laat dit nou baie diep insink; bestudeer goed.

69 Terwyl julle dit laat insink, wil ek julle iets vra oor Jona. Jona was 'n profeet. Baie mense veroordeel vir Jona en sê: "Wel, hy was 'n ou afvallige. Hy . . . " Hy was nie afvallig nie. 'n Man van God: "Die treë . . . die voetstappe van die regverdige word bepaal deur die Here." Glo julle dit? En ek gee nie om wat die man van God doen nie, as hy verordineer is deur God, mag hy dinge doen wat hy self dink is mal, maar as jy net sal dophou, werk dit net presies reg uit, as hy net gaan soos hy gelei word.

70 Nou, God het vir Jona gesê om af te gaan na Ninevè, 'n stad omtrent die grootte van St. Louis. Sleg? O, goeiste! En verdraaid, verdorwe, alles was verkeerd met hulle. Hy het gesê: "Gaan daarnatoe en roep uit teen hulle." En hy het afgegaan na die skip en vir homself 'n kaartjie gekoop. In plaas van om Ninevè toe te gaan, was miskien nie enige skepe wat soontoe gegaan het nie, so hy gaan toe oor na Tarsis. Ek glo nie dat dit dwaas was, na ek die ware openbaring daarvan gekry het, en gesien het wat gebeur

het, en die Boeke daaroor gelees het, en ek gesien het waar hy reg was nie.

71 En op pad uit in die see, het hy in die moeilikheid beland. En die storms het opgekom, en hulle het gedink die skip gaan sink. En Jona het vir hulle vertel dit was sy fout, sy hande en voete vasgebind en hom oorboord gegooi. En God het 'n walvis voorberei om hom in te sluk.

72 Nou, 'n paar jaar gelede, omtrent vyf-en-twintig jaar gelede, het hulle die—die skelet van 'n walvis na Louisville, Kentucky toe gebring; dis net oorkant die rivier van waar ek woon. En hulle het gehad hoe groot sy mond is, en een of ander professortjie, wat daar gestaan het, wat meer opleiding gehad het as wat hy die moed gehad het om te beheer. So hy het alles van hierdie walvis vertel.

73 En hy het gesê: "Nou, julle het al die ou legende gehoor van die walvis wat vir Jona ingesluk het." Hy het gesê: "As julle sal oplet, jy kan nie eens 'n bofbal in sy keel sit nie." Gesê: "Dit is glad nie so-iets nie."

74 A! Ek was net te Iers om dit uit te hou. So ek het gesê: "Ek wil net graag vir jou iets sê, kêrel. Daar's een ding wat jy gemis het, *daardie* walvis mag miskien nie in staat gewees het om dit te doen nie, maar as jy sal oplet, God het *hierdie* een voorberei. Hierdie was 'n spesiale soort, jy kon dalk die hele boot in sy keel afgegooi het." Sien? God het 'n vis voorberei vir Jona, sien, hy was 'n spesiaal geboude, gebou op bestelling, om die profeet in te sluk. En hy . . . En dit was . . . "Glad nie so-iets nie . . . " Mense . . .

75 'n Klein . . . Dit is geen plek om grappe te maak nie, maar ek—ek was . . . 'n Klein dogtertjie is gered, en sy het in die straat opgegaan en geskree: "Prys die Here," en gesing, haar ou haartjies agter vasgebind, en haar gesig wat geskyn het soos 'n geskilde ui, sy het 'n wonderlike tyd gehad.

'n Ongelowige het op die hoek gestaan, gesê: "Wat makeer?"

Gesê: "Ek is gered, *daaronder*, 'n rukkie gelede. Prys die Here."

Gesê: "Wat het jy daar teen jou hart?"

Gesê: "'n Bybel."

Gesê: "Ek reken jy glo dit."

Gesê: "Sekerlik, ek glo Dit."

Gesê: "Glo jy daardie storie daarin van Jona?"

Gesê: "Sekerlik, ek glo daardie storie van Jona."

Hy het gesê: "Glo jy dat—dat Jona ingesluk is deur 'n walvis?"

Sy het gesê: "O, ja. As die Bybel gesê het—gesê het dat Jona die wálvis ingesluk het, sou ek dit geglo het." En gesê . . .

"O," gesê: "hoe gaan jy dit bewys op enige ander manier as deur geloof?"

"Wel," het sy gesê: "wanneer ek in die Hemel kom, gaan ek net na Jona toe stap en daaroor praat."

Gesê: "Wat as Jona dan nie daar is nie?"

Gesê: "Dan sal jy vir hom moet vra." Reken dit was genoeg. Ja. So daardie klein kindjie . . . Maar tog is God in staat.

76 So was Jona uit die skip uitgegooi, en die walvis, wat deur die waters gesoek het om sy kos te vind, hy het vir Jona ingesluk. En enigiemand weet, soos om jou goudvis te voer, wanneer die klein vissie vreet en sy magie vol raak, gaan hy reg na die bodem van die beker, waarin jy hom het, die tenk, en hy laat sy vinnetjies op die bodem rus, hy het gevreet, hy rus. En hierdie vis, toe hy hierdie prediker ingesluk het, en hy het afgegaan na die bodem van die see om te rus. Ek weet nie hoeveel vadem diep dit was nie, maar hy het daaronder gelê.

77 En ek wil nou graag hieroor praat. Julle weet jy—j kry soveel mense wat op hulle simptome staatmaak: "Wel, daar is vir my gebid, ek het 'n kreupel hand, daar is vir my gebid, maar, ek—ek glo God regtig, maar my hand is niks beter nie." Dit sal nooit beter word solank jy na daardie hand kyk nie. Sien, jy kyk na die verkeerde ding, jy moet na Sy belofte kyk.

78 'n Tyd gelede, het 'n bejaarde, ou paartjie gekom en wou hê ek moet vir hulle seun bid, wat sterwend was aan swart witseerkeel. En ek het nie . . . kon nie gaan nie. En het aanhou wag, en 'n paar dae later het die ou kêrel gesê: "My seun is nou sterwend." En uiteindelik het ek, na die diens, gegaan.

79 Die dokter wou my nie laat ingaan nie, en het gesê: "Nee, jy het kinders, en ek kan jou nie laat ingaan nie want daardie witseerkeel is aansteeklik." En gesê: "Jy sal hom nie kan help nie."

80 En ek, wat met die man gepraat het, het uitgevind dat hy Katoliek was. En ek het gesê: "As die priester hier was . . . As—As daardie seun Katoliek was, en—en hierdie pa het my kom kry, en ek was 'n priester . . . "

Hy het gesê: "Dis anders," hy het gesê: "jy sien, 'n priester is nie getroud nie."

Ek het gesê: "Jy sou hom laat ingaan neem . . . hom die laaste ritus gee, sou jy nie?"

Hy het gesê: "Ja, maar die priester is nie 'n getroude man nie, jy het kinders."

81 Ek het gesê: "As ek self die verantwoordelikheid dra? Ek sal 'n papier teken, ek sal die verantwoordelikheid dra." Uiteindelik, het ek hom daar uitgepraat, hy het my aangetrek soos 'n Ku Klux

Klan, met allerhande goed aan my, en my daar ingestuur waar hierdie seun was.

82 Nou, dit het ingegaan in, hart, iets verkeerd met sy hart. Die kardiogram het gewys dat dit ver onder was, en net *soveel* keer per minuut geklop het. En die ou moeder en vader het daar gestaan, langs die seun, ek het na die een kant van die bed toe gegaan, en hulle na die ander, en 'n verpleegstertjie het daar gestaan en kyk na ons, mooi dametjie van omtrent, o, ek reken, vyf-en-twintig jaar oud. En so het ek my hande op die seun geplaas, en gebid, en net 'n gewone gebed gedoen.

83 En toe ek gesê het: "Amen," het die ou vader die moeder gegryp en haar begin omhels, en hy . . . mekaar omhels. Hulle het gesê: "O, Moeder, is dit nie wonderlik nie? Is dit nie wonderlik nie? Dankie, Jesus, vir die genesing van ons seun."

84 Die seun was net so sleg as wat hy ooit was, en hulle het net die trane uit mekaar se oë gevee en God net geprys. En daardie verpleegstertjie, wat daar gestaan het, sy kon dit nie verstaan nie, en sy het gesê: "Meneer, dis seker in die haak," gesê: "ek behoort nie aan julle godsdiens nie, maar . . . julle soort godsdiens nie," sy het gesê: "maar ek wil vir jou iets vra. Hoe kan jy so optree, jy, en die moeder van hierdie kind so optree, en daardie seun wat daar lê en sterf?"

Hy het gesê: "Dame, die seun is nie sterwend nie."

"Wel," het sy gesê: "hy is nou al vir drie dae in 'n koma."

85 En een of ander masjien daar het gewys dat as hierdie hand ooit *so* ver afgesak het, dit nog nooit, in die mediese geskiedenis, ooit weer opgekom nie. Die ou vader, ek sal dit nooit vergeet nie, het sy oë afgevee, en soontoe geloop, en sy hande op die jong vrou se skouer gesit, hy het gesê: "Kind," het hy gesê: "jy is geleer om na daardie masjien te kyk, dis al waarvan jy weet, is 'Kyk na daardie masjien.'" Gesê: "Dit—dis . . . Al wat daardie masjien weet is om te sê wat *hier* aangaan. Dis waar." Gesê: "Jy kyk na daardie masjien, maar ek kyk na 'n belofte wat God gemaak het."

86 Hang af waarna jy kyk. Daardie seun is getroud en het twee kinders. Sien, dit wys maar net. Sien? Hy het so gelê vir nog twee of drie dae, maar hy het net reguit uitgekom en gesond geword. Sien, dit wys maar net waarna jy kyk. Jy moet sien waarna jy kyk. Moenie na jou simptome kyk nie.

87 As enigiemand simptome gehad het, het Jona dit gehad. Nou, onthou, hy was in die maag van die walvis. Kom ons sê hy was twintig vadem diep daarbuite in die oseaan, sy hande agter hom vasgemaak, sy voete vasgemaak, en in die maag van die walvis, gelê in die braaksel van die walvis in sy maag, seewier reg rondom sy nek. Nou, dis nogal 'n paar simptome. Hy *hierdie* kant toe kyk, was dit walvismaag, *daardie* kant toe was walvismaag, oral waar hy gekyk het, was walvismaag. Nou, dis regtig simptome. Daar is nie enige van julle wat in so 'n slegte

toestand is vanaand nie, ek's seker, dis reg, nie in so 'n slegte toestand nie. Oral waar hy gekyk het, was dit 'n walvismaag.

88 Maar weet julle wat het hy gesê? "Hulle is valse nietighede, ek sal hulle nie glo nie." Wat het hy gesê? "Nog een keer sal ek na U heilige tempel kyk," omgedraai op sy rug, en hom gerig, die beste wat hy kon, in die rigting van die tempel.

89 Hoekom? Toe Salomo daardie tempel toegewy het, het hy daardie dag gebid, toe die Vuurkolom ingekom en agter die Allerheiligste neergedaal het, het Salomo gebid, en gesê: "Here, as U mense op enige plek in die moeilikheid is, en na hierdie heilige plek toe kyk, hoor dan uit die Hemel," en hy het dit geglo.

90 En God het iets gedoen, ek weet nie wat Hy gedoen het nie. Hy mag 'n suurstoftenk in daardie walvis se maag gesit het, ek weet nie wat Hy gedoen het nie. Hy het hom aan die lewe gehou vir drie dae en nagte, en hom afgelewer by sy bestemming, waarheen hy veronderstel was om te gaan.

91 En as Jona, onder daardie omstandighede, in 'n gebed kon glo wat gebid is deur 'n man wat later afvallig geraak het, as gevolg van vroue, soos Salomo, en in 'n tempel geglo het wat met mensehande gebou is, hoeveel te meer behoort ons, vanaand, na Christus te kyk, Wat aan die regterhand van God sit, met Sy Eie Bloed om voorspraak te maak volgens ons belydenis! Hoe ons dit behoort te glo! "Niks, geen simptome, staan in die pad nie, ek kyk na God se belofte wat Hy gesê het Hy sou dit doen." Dis die enigste ding, kyk daarna. Daar was hy.

92 Ek het eenmaal 'n storie daaroor gelees, al die mense van Ninevè was heidene. Heidene aanbid gewoonlik diere en lewe. Daar ver onder in Suid-Amerika, het ek hulle 'n kangaroedans sien doen. Hulle het 'n dans gehad, een of ander soort partytjie, en hulle het almal net soos die kangaroe gedans, want dis al wat hulle ooit gesien het, net die kangaroe. So hulle sou net daarna die kangeroe eet, en hulle het hom op die vuur gegooi en hom bietjie geskroei. En, o, hoe hulle dit gedoen het, weet ek nie, ek was nie honger nie. So toe, in elk geval, hulle . . . die manier wat hulle gedans het net soos die kangeroedans. Dis hoe hulle . . .

93 En jy sien hulle deur Afrika kom, hulle het allerhande soort snaakse goedjies soos diere, besprinkel met bloed. Wel, dis wat hulle glo God is.

94 En nou, ons vind uit dat hierdie mense, daaronder in Ninevè, ook afgode aanbid het, en hulle see-god was 'n walvis. So al die mans, met beroepe by die see, hulle was vissermanne, die mees algemene beroep. En dit was 'n groot uitvoer daar van vis na die wêreld op daardie tyd.

95 So toe, het die . . . al die vissermanne was daarbuite eendag, omtrent teen die middag, aan die visvang, hulle net ingetrek. En meteens het die god opgekom uit die see, die walvis-god, dit het na die strand toe gekom, en sy tong uitgelek, en die profeet het

reg van die tong van die walvis afgeloop gekom, reg uit tot op die grond. Geen wonder hulle het bekeer nie. Amen.

96 God weet hoe om dinge te doen. Tog, in eenvoud weet God hoe om dit te doen. Sien? Jona was nie afvallig nie, hy was net besig om die leiding van die Gees te volg, dis hoe om die mense te laat bekeer. Hy . . . En hy het reg af deur die stad gegaan, hy het gesê: "As julle nie bekeer nie, sal hierdie plek binne veertig dae sink." Dis al. Sien, hoe kon hulle enigiets anders doen as om te bekeer? Want hulle einste god het die profeet uitgespoeg. Hulle het geweet hy het 'n Boodskap gehad. Dit was hulle god, so hulle . . . Dit net reguit uitgespoeg.

97 Ons God is Christus, amen, en Hy het die Heilige Gees afgestuur. Waarom kon ons dit nie glo nie? Wat, ek wonder. Hier is Hy gemanifesteer in vlees, daar het Hy gestaan, en Hy het gesê: "En die mense van Ninevé sal in die laaste dag opstaan saam met hierdie geslag, en dit veroordeel, want hulle het bekeer op die prediking van Jona; en meer as Jona is hier." Hom dan vra vir 'n teken!

98 Dan gaan Hy voort om te sê, van dan, dat God . . . Deur al die geslagte, het mense, wanneer God ook al 'n gawe na die aarde toe stuur, en die mense dit ontvang, dit 'n goue eeu vir daardie geslag is, maar wanneer hulle dit verwerp, dit chaos is vir daardie geslag.

99 Nou, wat as, vanaand, as Amerikaanse mense, wat aanspraak maak om 'n Christennasie te wees, wat as ons almal, wat aanspraak maak om Christene te wees, God se Gawe sou aanvaar wat Hy vir ons gestuur het, die Heilige Gees? Sou dit nie wonderlik wees nie? Wel, ons kon ophou om missiele te maak. Wel, daar sou nooit iets in die wêreld ons ooit kon seermaak nie. Hulle kon nie, ons het beskerming, die Heilige Gees is op ons. Sekerlik. Ons sou niks ander nodig hê behalwe die Heilige Gees nie, as die mense net die Gawe sou aanvaar wat God vir hulle gestuur het, en dit is die Heilige Gees.

100 Maar een kerk sal verskil van die ander, en *hierdie* een sê: "O, daar is glad nie so-iets soos die Heilige Gees nie, dit was vir die dissipels." En dis net nou 'n Gawe, dis vir die Kerk, en nou is die laaste dae.

101 Tog, jy hoef nie te praat oor bomskuilings nie. Mense grawe onder die grond soos molle, om te probeer wegkom van die atoombom af. Hoe gaan julle dit doen? Wel, hulle gaan 'n gat in die grond blaas 'n myl diep en vir eenhonderd-en-vyftig vierkante myl. Wel, as jy vyftig myl onder die aarde was, reg onder die—die lawa, sou die skok daarvan elke been in jou liggaam breek. Daar is glad nie enige manier om te ontsnap nie, maar ons het 'n bomskuiling, dis nie gemaak van staal nie, maar dis gemaak uit vere, onder Sy vlerke rus ons. Amen. En dis nie

hieronder nie, dis *daarbo*. Jy gaan bokant dit, wanneer jy seil in die . . . in Sy boesem insweef. Sekerlik. Dis die ontsnapping.

102 Laat ek hierdie ingooi. Ek hoop nie my horlosie se alarm gaan te vinnig af nie. Maar kyk, luister, die mense, vandag, is tot die dood toe bang vir kommunisme. Skaam julle. Wel, waarom is julle bang vir kommunisme? Ek wil hê enige teoloog, enige Bybelgeleerde moet my wys waar kommunisme die wêreld gaan regeer. Ek sê vir julle, Roomsheid gaan die wêreld regeer, volgens die Bybel.

103 Julle moenie dit dophou nie. Moenie ystergordyne en bamboesgordyne dophou nie, maar hou die purpergordyn dop, dis die een wat julle gaan kry. Julle moet julle nooit daaroor bekommer nie. Daardie . . . Skryf julle dit maar net neer, en sê: "Broer Branham het dit gesê," en sit dit in julle Bybel, en kyk of dit reg is.

104 Kommunisme is niks anders as 'n werktuig in God se hand, wat net so werk nie. Wel, dit sal op niks uitloop nie. Dis presies reg. Moenie bang wees daarvoor nie, dis iets wat julle sal afgooi van die spoor om te kyk. Maar Bybellesers, en mense wat vir God liefhet, bly by wat die Bybel gesê het. Sekerlik. Hou dit net dop.

105 Nou, ons sal nie God se Gawe in hierdie land, in hierdie geslag ontvang nie, hulle het Dit geweier. Die mense wat Daarin glo word fanatici, malles, holy-rollers, en alles genoem, hulle word bespot en verwerp, presies wat die Skrif gesê het hulle sou doen: "Verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, sonder liefde vir die goeie; wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het." Dis presies wat die Heilige Gees gesê het sou gebeur in die laaste dae, en ons is hier, vriende, ons is presies hier.

106 Baie ander Skrifte kon ons daaraan verbind, kom ons gaan aan na 'n ander ding, wat Jesus hier gesê het. En soos in die dae van . . . In die dae van Salomo, het God 'n gawe onder Sy mense gestuur. En daar was een keer wat hulle dit aanvaar het, hulle het Salomo, die gawe van onderskeiding, aanvaar. En toe die onderskeiding op Salomo was, was almal eendragtig en eensgesind. Elke . . . Wel, elke volk het gevrees. Hulle het nie enige oorlog gehad nie. Hulle—hulle het nie enige oorloë gehad nie, want hulle was bang vir Israel, nie soveel die nasie, as wat dit die God was wat hulle gedien het nie. Hulle was een van hart en eendragtig, en hulle het almal daardie gawe ondersteun. O, hoe hulle almal daarvan gehou het, en almal wat goed gepraat het . . .

107 Sou dit nie wonderlik gewees het as elke Christen, vanaand, in Amerika, sou begin praat oor die Heilige Gees, en hoe wonderlik Dit is, en glo- . . . ? Wel, ek sê julle dit sou wees . . . Wel, sou dit nie die koerante oral haal nie? En die drade sou aan die brand slaan om die nuus te stuur. O, hoe wonderlik sou dit wees!

Maar hulle wil dit nie doen nie. Sien? Maar o, as ons net die gawes van God, die Heilige Gees, kon ondersteun!

108 Nou, ons vind uit dat almal, in daardie dag, ondersteun het. En God het hierdie man gemaak, wat hierdie gawe op hom gehad het, die koning. Wel, julle weet, die nuus het oral versprei, die mense het troppe skape ingebring, hulle het beeste, en goud, en alles ingebring, en hulle gehelp. Hulle het vrede probeer vind met hulle, is wat hulle probeer doen het, omdat hulle geweet het dat 'n lewende God by 'n lewende volk was, en hulle het dit geweet.

109 Nou, let op wat plaasgevind het. Nuus het versprei, daardie dae deur, dank God, hulle het nie televisie gehad nie, maar hulle het *lip-tot-oor* gehad. En die—die karavane sou deurkom en iewers heengaan, en hulle sou daaroor praat. En nanderhand het die nuus ver afgekom na Skeba. Merk op julle kaart hoe ver dit van Jerusalem af tot by Skeba is.

110 Hulle het 'n koningin daaronder gehad, 'n heiden, heidense koninginnetjie. En mense het verbygekom en sou getuig van wat bo in Palestina aangegaan het. En: "Geloof kom deur die gehoor van die Woord van God."

111 O, hierdie dametjie was verordineer tot die Ewige Lewe. En sodra sy hierdie gehoor het, het iets aan die brand geslaan in haar heidense hartjie, sy het daaroor begin wonder. Volgende karavaan wat deurgekom het, kon sy skaars wag, sy sou haar hofdienaars vra om uit te gaan, en hulle te kry, en hulle in te bring.

"Watter roete het julle gekom?"

"Ons het van die noorde af gekom."

"Het julle deur Palestina gegaan?"

"Ja. O, ek weet wat jy my gaan vra, van hulle God."

"Ja, dis reg. Het jy dit gesien?"

112 "Ek het dit gesien, dis die waarheid. Wel, hulle is so lief vir daardie man, hulle het hom die koning gemaak. En hulle God, hulle het 'n bonatuurlike God wat Homself regdeur daardie man vertoon."

113 Nou, enigiemand weet. . . Ek gaan hierdie afskakel net, 'n oomblik, net regtig—regtig tyd. Ek. . . Is dit reg? Net 'n oomblik? Uh-huh. Enigiemand weet dat heidense aanbidding is, die heiden die afgod uitbring, 'n priester bring vir hom wyn, hy eet vir hierdie afgod, dan gaan hy buite in die tempel in, buig homself neer voor hierdie afgod, hou aan om homself op te werk soos daardie, totdat hy in werklikheid glo dat hy daardie afgod met hom kan hoor praat. Nou, dis absoluut heidense aanbidding. Julle broers weet dit deur die geskiedenis te neem.

114 Nou, kyk hoe God maak. Hy draai reguit om, en hy nie. . . Sien, hulle dink dat die—die lewe, die gees, wat behoort te wees,

wat eintlik in daardie afgod hoort, in daardie afgod inkom en terugpraat met hulle. Wel, daar word gesê dat heidene, in die ou dae, hulleself kon neerbuig op so 'n manier, hulle sê hulle kon die gode uit daardie afgode hoor praat.

115 Maar sien hoe anders Christelikheid is, wat 'n nabootsing dit daarvan is? God neem nie 'n afgod nie, Hy neem 'n man. En as 'n man hom sal neerbuig in die Teenwoordigheid van God, sit God Homself in die man, en die man word die lewende skepsel waarin God woon, nie 'n dooie afgod nie, maar 'n man.

116 God het nog nooit afgode gebruik nie, Hy het altyd die mens gebruik. God gebruik nie masjinerie, meganiese toestelle, nie. Dis . . . Hy gebruik die mens, individue. Verskoon my, ek het nie bedoel om so hard te skree nie. Let op, ek is egter nie opgewonde nie, ek weet waar ek is. Dis reg. Ek voel net goed.

117 Let op, toe het hierdie God afgekom, groot Jehova, en is Self gemanifesteer deur 'n man, dat hulle geweet het dit was meer as 'n man, daar was iets aan hom wat was—anders was. En die mense het almal vir God aanbid, en vir God geglo, en hulle het die tempel gebou, hulle het groot dinge gedoen in daardie dag.

118 Let op, hierdie koninginnetjie het dit begin hoor: "Geloof kom deur die gehoor." Haar hartjie het vinniger begin klop, sy moet soontoe gaan en dit sien. So naderhand het soveel verbygekom en getuig, almal wat vertel het hoe daardie mense eensgesind en eendragtig was, daar geen verskille in hulle was nie, daar was nie een wat rondgeloop en gesê het: "Ag, hy behoort nie aan myne nie, hy—hy's 'n Fariseër. Ek dink nie . . . Ek's 'n Sadduseër." Niks daarvan nie, hulle was eensgesind en eendragtig. Dis hoe julle moet wees.

119 O, as ons kerke net so kon raak, broers! As ons kerke, ons verskille, net kon wees . . . Goed, dis alles reg solank jy glo, en vir God het, en julle—julle kerke het, en dinge, maar o, laat ons eendragtig wees, een man, een *Voorwaarts Christenstryders*, net een eenheid van God wat voortmarsjeer na die oorwinning, wat alles ontvang wat in die Naam van die Here kom, wat die Here se Woord belowe het om vir ons te stuur. Glo dit, tree daarvolgens op.

120 Nou, voor jy jou kom kry, het haar hartjie so begin klop dat sy net nie kon bly . . . sy kon nie slaap in die nag nie. Sy moes dit net gaan sien.

121 Daar's *iets anders* daaraan wanneer jy ooit van God gehoor het. Die mens weet dat hy van agter die donker gordyn kom, iewers wat bokant hierdie is. Hulle weet dat wanneer hy sterf, hy teruggaan deur daardie gordyn. Waar het hy vandaan gekom en waarnatoe het hy gegaan? Die mens het nog altyd begeer om te sien wat agter daardie gordyn was. Presies. So wanneer hy iets sien opkom van agter daardie gordyn af, en iets illustreer wat

belowe is van daar oorkant af, behoort dit sy hart opgewonde te maak.

122 Let op, so hierdie vroutjie, sy was . . . haar hart het begin klop om te gaan. Nou, sy het 'n paar dinge gehad om te doen voor sy gegaan het. Nou, die eerste ding wat sy moes doen, was om te gaan toestemming kry van haar kerk om te vertrek om soontoe te gaan. Nou, dit was 'n moeilike ding om na 'n heidense priester toe te gaan. Ek kan hom sien, toe hy . . . sy het nadergestap, en—en sy het gebuig voor hom, en hom genoem die, wat sy ook al het, die "Heilige Vader," of wat dit ook al was, na hom toe geloop, en gebuig, en hy het gebuig. En hy . . . sy was die koningin van die land.

123 Sy het gesê: "Ek verstaan, deur die karavane ensovoorts, en sommige van hulle het vir my Boekrolle gebring van bo in Palestina, dat hulle 'n groot byeenkoms daarbo het. En daar's 'n man daarbo wat gesalf is deur hulle God, en dat God Sy Eie Lewe deur daardie man vertoon. Meneer, Heilige, ek sal graag wil gaan kyk."

124 Kan julle julle voorstel dat hy haar toestemming sou gee? "Ons werk nie saam met daardie byeenkoms daarbo nie." O, sekerlik, allerhande woorde kon gekom het. "Nou, as daar enigiets is wat sou aangegaan het, sou dit net hier aangegaan het, in ons eie kerk. En in elk geval, dis net 'n klomp niks. Ons het van hulle gehoor wat oor die seë gegaan het en alles soos daardie, maar dis 'n klomp holy-rollers, of," verskoon my: "fanatici, of iets, julle weet, daarbo. Hulle . . . Daar's niks daaraan nie. Jy moet dit nie glo nie, niks daaraan nie. As daar enigiets gaan aangaan, sal dit net hier aangaan, onder jou eie kerk. Dit sou net hier gewees het. As daar enigiets—enigiets is wat 'n god sou doen, sou ons god dit doen."

125 Ek kan daardie koninginnetjie haarself sien terugtree, sy het gesê: "Meneer, maar ek wil gaan, ek wil oortuig wees." Ek hou van daardie soort moed. "Ek wil oortuig wees. Ek het hulle Boekrolle hier, ek wil gaan om te sien of daardie Gees, wat in daardie man is, presies is wat hierdie Boekrolle sê daardie God is. So dan, as dit is, is Dit daardie God wat deur die man praat."

"Nou, kyk hier! Hier's groot god Dagon, hier's groot god *So-en-so*, Jupiter, die songod, en al hierdie ander wat ons hierrond het."

126 Sy het gesê: "Ja, my groot-oumagrootjie het hulle gedien, en my ouma het hulle gedien en almal, my moeder het hulle gedien. En wat het hulle gedoen? Hulle is dom afgode, ek het hulle nooit 'n woord hoor sê of 'n ding doen nie."

127 Dis omtrent soos party van hierdie dom geloofsbelydenisse wat ons vandag dien, ensovoorts, en dinge wat niks méér lewe daarin het as . . . Hulle praat van 'n God, 'n God wat was, en stuur 'n seun skool toe, en leer hom om 'n prediker te wees, en vertel

hom van 'n geskiedkundige God. Wat help 'n geskiedkundige God van gister as Hy nie dieselfde God vandag is nie? As 'n God vol genade die mense se behoeftes gister kon bevredig, as Hy nie dieselfde God vandag is nie, is Hy 'n swak God, Hy was 'n aannemer van die persoon.

128 Wat help dit om jou kanarievoël allerhande goeie vitamiene te voer om goeie sterk vlerke en groot swaar bene te maak, en hom in 'n hok sit sodat hy nie kan vlieg nie? Dieselfde ding as om 'n man weg te stuur, en allerhande geleerdheid te kry, en alles, en te leer wat een God was, en wat Hy alles gedoen het, en wat Hy alles daar gedoen het, maar dan om te draai en vir hom te sê: "Die dae van wonderwerke is verby, glad nie so-iets nie." Dis nie eers intelligent vir my nie.

129 So daardie koninginnetjie kon gesê het: "Ek het alles van daardie gode gehoor, ek het van al daardie dinge gehoor, maar ek het nog nooit 'n beweging van lewe uit hulle gesien nie. Ek het nog nooit een ding gesien wat gedoen is om te maak soos 'n god of niks anders nie."

"Wel nou, laat ek vir jou iets vertel, my dogter. As jy soontoe gaan . . . Jy is ons koningin, jy kan nie onder 'n klomp mense soos daardie ingaan nie, dwaas."

130 Ek kan dit maar net sowel sê, ek brand in elk geval om dit te doen. Ek was . . . My vrou en skoondogter was vanoggend in die dorp, en hulle het 'n paar goed in 'n winkel gekoop. En 'n dame het gesê: "Daar's 'n dame oorkant die straat hier, van my, haar man het 'n besigheid hier oorkant. Sy was na daardie byeenkoms toe, daar oorkant, nou die aand. En sy het een of ander iets op haar been gehad, en dit was 'n . . . Daardie man op die preekstoel het daardie dame daarvan vertel, en julle weet dit het weggegaan, en dit het haar baie opgewonde gemaak."

My skoondogter het gesê: "Dis my skoonpa." Gesê: "Dis my skoonpa." Gesê: "Was jy al daar?"

Gesê: "O, nee, ek kan nie gaan nie."

Gesê: "Wel, waarom kan jy nie gaan nie?"

Sy het gesê: "My man is 'n diaken van een van die groot kerke hier in die stad, ek kan nie na 'n klomp mense soos daardie toe gaan nie."

My skoondogter het gesê: "Maar jy's in elk geval welkom om te kom."

131 Dan praat julle van sektes! Wel, julle skree oor die Katoliek! Wel, julle is dieselfde ding, sien, dis net presies dieselfde; pot kan nie die ketel swart noem nie. Julle weet dis reg. Wel, dis dieselfde ding, presies, want is een God nie ons almal se Vader nie?

132 Waarom sou ons denominasies ons skei? Waarom sou een of ander prediker, met een of ander kollegegraad, sou probeer om—om 'n vrou te weerhou, wat regtig genesing vir haar liggaam

nodig het, om na 'n plek toe te kom om genees te word deur 'n God wat hy sê hy ken? Dis wat ek wonder.

Broer, daardie koninginnetjie het rondgekyk daarna en gesê: "Maar ek het van dit alles gehoor, maar ek het nog nooit niks gesien nie."

"Wel, as jy gaan, gaan ons jou ekskommuniseer."

133 "Wel, jy kan maar net sowel my papiere nou vir my gee, want ek gaan." Sien, wanneer Christus in 'n hart begin beweeg, is dit verby. Dis al. So onthou sy het baie gehad wat haar gekonfronteer het, sy het baie gehad. Nou, sy het haar lidmaatskap verloor.

134 En nog iets, sy het gesê, ek gedink het dit was baie goed, sy het gesê: "As daardie ding die waarheid is, is dit die moeite werd om dit te ondersteun." So sy het 'n klomp geld bymekaargemaak, wierook, goud, silwer, en mirre, en dit op die kamele gelaai. Maar hier was haar gedagte, glo ek: "As dit die waarheid is, sal ek dit ondersteun; as dit nie is nie, kan ek mos my skatte reguit terugbring." Sy sou vir Pinkstermense iets kon leer, wat radiobedienings ondersteun, hierbuite, wat die spot sal dryf en lag vir die einste godsdiens wat julle verteenwoordig, dis reg, en julle eie kerk wat ly oor die tiende wat julle sou . . . julle vir hulle behoort te gee, ja, meneer, net omdat hulle een of ander groot naam of so-iets het.

135 Het julle nog nooit geestelike dinge geleer nie? Ons behoort. Dis reg. Ons behoort te leer om die gees te onderskei om te sien waar dit vandaan kom. Nou, dis nie afgeroomde melk, nou, as julle dit kan oplos nie.

136 Let nou op, hierdie vroutjie, sy het gesê: "Ek sal dit ondersteun as dit reg is. As dit—as dit reg is, is dit alles werd, as dit nie reg is nie, is dit niks werd nie." So sy kon haar geskenke terugbring.

137 Onthou nou, sy het 'n lang pad gehad om te gaan, en sy kon nie reis . . . Sy moes die Saharawoestyn oorsteek, nie in 'n lugversorgde Cadillac nie, maar op 'n kameel se rug. Weet julle hoe lank dit daardie karavaan neem van waar sy was tot by Palestina? Dit het hulle drie maande geneem, negentig dae, op 'n kameel se rug. Geen wonder Jesus het gesê sy sal opstaan in die Oordeelsdag en hierdie geslag veroordeel nie. Party mense sal nie oor die straat stap om dieselfde ding te sien nie. Reg.

138 En nog iets, onthou, die seuns van Ismael was rowers in die woestyn. En sy het net 'n klein groepie soldate, hofdienaars, gehad. Hoe maklik kon hulle haar oorval het, en daardie hofdienaartjies doodgemaak het, en haar skatte geneem, en aangegaan het.

139 Maar julle weet, as jy vasbeslote is om God te sien, sal God vir jou 'n weg maak, en daar's hoegenaamd geen vrees oor niks nie. Jy het net een mikpunt, een gedagte, een motief, een doelwit,

en dis "Kom by God uit." En as God met jou gepraat het, sal jy gaan, ek gee nie om wat gebeur nie. God sal vir jou 'n weg maak om dit te doen, as jy regtig geanker is en weet waarvan jy praat. En sy het.

140 Sy het haar diensmeisies bymekaar gemaak en haar hofdienaars en almal het op die kamele geklim. En sy het gereis, miskien, snags, dit was so warm deur die woestyn. Ek kan my voorstel in die dag, iewers in die skaduwee gesit, in of ander oasietjie onder 'n paar bome, daardie Boekrolle geneem en hulle gelees om te sien. Sy wou weet, wanneer sy daar gekom het, of dit Skriftuurlik was.

141 En toe sy gekom het, het sy nie gekom soos 'n klomp van ons hier maak nie. Ons sal een keer na die diens toe gaan: "Die buurman se . . . Ek het 'n goeie buurman, wat hieronder bly, hulle het ons genooi, en so ons sal soontoe gaan. Ek sal vyf minute sit, en as hy een ding sê wat teenstrydig is met wat ek glo, sal ek net opstaan en uitloop." Dit wys onkunde, dit wys nie eers gesonde verstand nie. Enigiemand wat goed opgevoed is, sou nie so-iets doen nie.

As ek in 'n Boeddha-tempel ingegaan het, as ek in die tempel ingegaan het, sou ek genoeg van 'n heer wees om ten minste daar te sit totdat daardie diens verby is. Dis reg.

142 Julle praat van sommige van die onkunde van Kentucky, praat van daardie staat waar ek vandaan kom, die onkunde van daardie mense daaronder, ek weet nie. Partymaal wonder ek. Laat een van hulle dogters in die oggend inkom met haar hare deurmekaar, en grimering regoor haar gesig, heelnag lank saam met een of ander klein Ricky met 'n borsel-kop haarsnit, ek sê julle, sy sal—sy sal weet die volgende keer wat sy uitgaan . . . [Leë kol op band—Red.] . . . 'n vaatjieplank, of 'n tak van 'n okkerneut af daar, en net haar velle aftrek.

143 En ek sê julle, julle praat almal van jeugmisdaad, daar's soveel koerante wat daarvan praat. Ek dink dis ouermisdaad. As julle die ou *Goue Roede* teen die muur sou hang met die tien gebooie wat daaraan gehang het, 'n jongeling daar sou uitneem, en hom 'n bietjie afstof, sou julle nie soveel gehad het nie. En sê: "Arme klein Ricky, jy's soet. Hy het nie bedoel om kwaad te doen nie, Martha." Sy het 'n goeie pak nodig, is wat sy nodig het.

Die Bybel het gesê: "Spaar die roede, bederf jou kind," en dis presies reg. Jy sal nooit enigiets beter kry nie.

144 By my huis het hulle die Tien Gebooie opgehang, bo die deur, op 'n okkerneutlat omtrent *so* lank, en, broer, ek het al tien van hulle oor my rug gehad, en op-en-af teen my bene, feitlik omtrent elke dag; dit het my egter baie goed gedoen.

En ek sê julle, Pa het my uitgeneem agter die huis, en ek het 'n dansie gedans, maar ek het geweet om dit nie die volgende keer te doen, wanneer hy met my klaar was nie.

145 Dit sou baie beter gewees het, soos, as ons nog 'n paar pappas gehad het wat dit vandag gedoen het. Hy het my nooit een hou geslaan waarvoor ek hom nie eer, vanaand, daarvoor nie. Toe ek in die kis gekyk het, en sy grys hare langs die kant van sy kop gesien het, het ek daar gestaan en trane het op sy gesig geval, ek het gesê: "Pappa, ek het hulle daar help sit. God help my." Dis reg. Ek het my pappa respekteer, hy was 'n pappa wat my sou laat reg doen. Ja, meneer. Ons het vandag meer van hulle nodig.

146 Nou, sy het daar gekom, sy het voor die—die paleis gestop. Sy het haar kamele afgelaai, en haar diensmeisies daaronder gesit, en haar tente opgeslaan, en sy het gekom om te bly tot sy oortuig was. O, broer, geen wonder sy sal hierdie geslag veroordeel nie. Um-hum, um-hum. Sy het gekom om te bly tot sy oortuig was, en sy het gewag.

147 Nou, die eerste oggend, kan ek die trompette hoor blaas, die klokke wat lui, en die koninginnetjie het haarself aangetrek, ingegaan, en miskien het sy gehad, 'n sitplek ver aan die agterkant ingeneem. En alles het goed verloop, al die sang, en al die koorgesang. Toe het Pastoor Salomo uitgestap op die preekstoel. En sy het opgelet, hoe wonderlik! Haar hartjie het begin brand. Wel, daardie dag, miskien by die boekstalletjie, moes sy 'n paar boeke daaroor gekoop het. Sy het weer daardie aand uitgegaan, en sy het gelees, en sy het gelees. Die volgende dag, het sy . . . dag na dag . . .

148 Uiteindelik is haar gebedskaartjie geroep; sy het nie eers ontsteld geraak daaroor nie, sy het haar beurt afgewag. En toe dit by die punt gekom het waar sy voor Salomo gestaan het, het die Bybel gesê daar was niks verberg van Salomo wat hy nie aan haar bekend gemaak het nie. Amen. Salomo, 'n gees van onderskeiding het haar die verborgenhede van haar hart vertel. Jesus het gesê dat daardie koningin sal opstaan in die Oordeel en daardie geslag veroordeel, want meer as Salomo was daar.

149 Kyk wat sy gesê het. Ons sluit af. Kyk wat sy gesê het, sy het gesê: "Alles wat ek gehoor het was reg, en meer as wat ek gehoor het." Sien, die wonderwerk is toe vir haar gedoen. Sien, sy was van ver onder in Skeba, en hy was 'n Jood hierbo, en so hy het niks van haar af geweet nie, maar toe sy in sy teenwoordigheid gestaan het, het hy al die verborgenhede van haar hart geopenbaar, vir haar die dinge vertel wat sy wou weet. Alles wat in haar hart was, het God vir Salomo laat weet.

150 Sien julle nie? Dieselfde God . . . Hoe kan julle dit telepatie noem? Hoe kan julle dit 'n duiwel noem? O! Wanneer julle nie besef ek staan hier, weet waaraan julle daarbuite dink nie! Hoe kan julle twyfel? Hoe . . . ? Wat is verkeerd met my mense? Wat . . . ? Kan julle nie sien daardie selfde God is dieselfde natuur, al die pad regdeur die Bybel oral nie?

151 En sy het omgedraai, en sy het gesê: "Salig is die manne wat by u is, wat hier staan en daardie groot gawe van God elke dag kan sien werk. Hoe salig is hierdie oë wat sit en dit sien."

152 Jesus het gesê: "Sy sal opstaan in die Oordeel en hierdie geslag veroordeel; want sy het van die uiteindes van die wêreld gekom om die wysheid van Salomo te hoor; en meer as Salomo is hier."

153 En, Christenvriende, kyk, meer as Salomo is hier, die Heilige Gees Self is hier. Christus in die vorm van die Heilige Gees is hier by ons, wat bewys dat dieselfde, selfs wat Salomo gehad het, net baie keer groter, hier is vandag, met vyf-en-twintighonderd jaar van geskiedenis van dieselfde Gees wat in die Kerk werk. Meer as Salomo is hier.

Haar hart was geraak, sy het niks vantevore gesien nie, dit was nie alledaags vir haar nie. Sy het geweet dit was reg.

154 Laat ek iets hier sê, net 'n oomblik. Wanneer mense, ware opregte mense iets kan sien wat eg is, verander dit hulle opinie. Dis reg. En eintlik, is 'n groot deel van die wêreld vandag honger vir wat ons weier. Dis reg. Hulle wil iets egs sien.

155 Hierdie storietjie, dit mag dalk net goed inpas nou, ek wil dit vertel. Julle, almal van julle weet ek jag. Ek—ek's. . . Ek hou daarvan om te jag. My moeder se, wat net onlangs oorlede is, sy was, amper, 'n half-Indiaan. En ek—ek het my hele lewe lank gejag. Eerste ding wat ek ooit gekoop het, ek het heeldag patatranke uitgetrek en vyf-en-twintig sent gekry, vir my 'n staalstrik gekoop, en 'n konyn gevang, die konyn vir vyftien sent verkoop, en vir my nog twee staalstrikke gekoop, reguit met die besigheid begin. Ek was net omtrent ses jaar oud, sedertdien het ek gejag, gevang. En ek gaan bo na die noordelike woude toe om te jag, het altyd, daarbo, en ver op.

156 En ek het 'n goeie jagmaat daarbo gehad, en hy was 'n goeie jagter, baie goeie skut, en 'n man waaroor jy jou nie hoef te bekommer het dat hy sou verdwaal in die woude nie; hy het geweet hoe om daar uit te kom. En ek het altyd daarvan gehou om saam met hom te jag, maar hy was so wreedaardig. Hy—hy het oë soos 'n akkedis gehad, julle weet soos daardie oë wat so vreemd lyk, soos vroue vandag hulle s'n probeer verf? Julle weet, amper soos akkedis-oë. Eh so sy. . .

157 Hy was 'n baie goeie man, maar hy was wreed. Hy sou altyd klein takbokkies doodmaak net om my te laat sleg voel. Hy het net. . . Hy het geweet ek. . . Nou, dis toelaatbaar om 'n klein takbokkie dood te maak, dis in die haak. As die wet jou toelaat om 'n klein takbokkie dood te maak, my jagterbroers, is dit in die haak. Abraham het 'n kalf doodgemaak en dit vir God gevoer, en God het dit geëet. Dis reg. So die geslag, of die grootte het niks daarmee te doen nie. Maar net om dood te maak vir die plesier om dood te maak, dis 'n moordenaar, ek glo nie daarin om goed te

vernietig nie. Ek was self sewe jaar 'n wildbewaarder, soos julle weet. So nou, onthou, wees altyd eerlik en reg met daardie dinge. En hier was 'n . . .

158 Hy sou hierdie klein takbokkies skiet, en hulle miskien nie eers optel nie, net om my te laat sleg voel, net wreedaardig. En ek het met hom probeer praat oor God, en as ek God noem, het hy net daar staan en lag met sy kop agteroor. So, maar ver onder in hom het ek gedink dat daar iets goeds in die man was. Jy moenie . . . Moet nooit 'n man heeltemal afskryf nie, probeer net jou beste, hou aan. Laat God die afskryfwerk doen.

159 So ek—ek . . . Eendag het ek daar opgegaan, en dit was laat in die seisoen. En daardie wit-stert takbokke daarbo, goeiste, julle praat van Houdini wat 'n ontsnap-kunstenaar is, hy was 'n amateur, teen hulle, en in elk geval, wanneer daar op hulle geskiet is, het hulle, net verdwyn. En maanverligte aand, hulle vreet in die nag, en kruip onder die takke in, in die dag, gaan agter in die ruigtes in; jy kry hulle nooit.

160 En daar het 'n lekker, bietjie sneeu gekom daardie nag, omtrent ses of agt duim, goeie spoorsnyweer. En ons was . . . het vertrek op die jag. En ons het altyd 'n warmfles vol warm sjokolade saamgedra, dat as ons êrens sou moes omdraai in die woude, of 'n takbok doodgemaak het, en moes terugloop, of in 'n sneeustorm beland het, sou daardie sjokolade jou sal help om aan die lewe te bly. Dis beter as koffie of enigiets, want dit het 'n—'n brandstof daarin, en 'n voeding, die sjokolade. So ek het gehad 'n . . . Ons het, elkeen, 'n kwart in ons hemp gehad, en 'n toebroodjie.

161 En ons het heel oggend geloop, het nie eers een spoor gesien nie, en ons was . . . omtrent so elf-dertig of twaalfuur, het ons by 'n openinkie gekom, omtrent die grootte van hierdie gebou hier. En hy—hy het voor my, geloop, en ons sou gewoonlik ver opgaan in die . . . bo die boomlyn, dan sou ons . . . hy sou afdraai, en ons sou een kant toe en ander kant toe gaan, en ondertoe deurloop. En as ons 'n takbok gekry het, sou ons dit ophang, en ons sou weet (Wanneer ons terugkom by die basiskamp, sou ons daardie aand daar terug wees, of as ons nie was nie, was ons nie bekommerd oor mekaar nie, ons weet hoe om vir onsself te sorg in die woude.), en ons sou die volgende dag terug wees.

162 So toe, het ek gedink hy het gereed gemaak om te vertrek, want ons het nogal hoog opgegaan. En die takbokke hardloop gewoonlik op teen die berg wanneer hulle bang is. En so het hy toe by hierdie plekkie gestop en gaan sit. En ek het gedink hy steek sy hand onder sy hemp in om sy warmfles te kry om ons middagete te—te eet, en dan sou ons skei en teruggaan. So in plaas daarvan, het hy hierdie ou fluitjie uitgehaal.

163 Hy het 'n fluitjie gemaak wat presies geklink het soos 'n baba takbokkie wat roep na sy mamma. Julle weet hoe—julle weet hoe

'n klein takbokkie maak, daardie snaakse geluidjie. Wel, hy het vir hom 'n fluitjie gemaak, het net presies soos dit geklink. En ek het vir hom gesê, voor ons daardie oggend weg is, het ek gesê: "Bert, jy sou dit tog nie gebruik nie."

164 Hy het gesê: "Ag, jy's soos al die res van die predikers. Jy sal nooit 'n jagter maak nie, jy's te lafhartig." Gesê: "Moenie. . . " Gesê: "Jy's. . . Julle predikers is te lafhartig om jagters te wees." En gewoonlik moes ek in elk geval sy wild kry.

165 Maar—maar in elk geval, hy—hy sou hierdie takbokkie skiet. So hy het sy hand onder sy hemp ingesteek, en hy het hierdie fluitjie uitgehaal, ek het gesê: "Jy sal dit tog nie doen nie."

Hy het gesê: "O, ruk jou reg, Billy; ruk jou reg." Daar was 'n sneeuwal daar, en hy het hierdie fluitjie geblaas.

166 En ek het gedink, wel, ons het nie 'n spoor gesien nie, dit sal niks seermaak nie, maar tot my verbasing, omtrent so ver soos regoor hierdie gebou, het 'n yslike groot, pragtige, wit-stert ooi opgestaan. Nou, dis die moedertakbok, ooi. Haar groot ore wat uitgestaan het soos *daardie*, haar groot pragtige oë wat gekyk het. Wat was fout? Maak nie saak hoe goed sy versteek was nie, 'n babatjie, haar babatjie het gehuil, dit was in die moeilikheid. Sy het opgespring, sy het begin rondkyk. Nou, ons het nie meer as dertig treë van haar af gestaan nie.

167 Hy het opgekyk na my met daardie akkedis-oë, en ek het gedink: "O, goeiste!" En hy het dit weer geblaas, en daardie takbok het reguit uitgeloop in daardie opening in. Nou, enigiemand wat takbokke jag, weet dis absoluut ongewoon. Hulle sal dit nie doen nie, veral as daar op hulle geskiet word, en daardie tyd van die dag ook, omtrent elf, twaalfuur. Sy het reguit in die opening ingeloop.

168 En ek het na haar gekyk, en ek het begin dink: "Daardie moeder, hy mislei haar, hy blaas daardie fluitjie soos 'n babatjie wat huil, haar babatjie. En sy's nie 'n skynheilige nie, sy speel nie net toneel nie, sy sit nie iets aan nie, maar sy's 'n gebore moeder, dis instink in haar. Sy's 'n moeder, en dis 'n babatjie wat huil." Sy was 'n egte-gebore-moeder, dit was in haar.

169 Sy het weer daar uitgeloop. Hy het weer na my gekyk soos *daardie*. Ek het my kop geknik soos *daardie*. Hy. . . Ek. . . hand uitgesteek. Ek het daardie koeël hoor ingaan in daardie .30-06, groot honderd-en-tagtig grein sampioenkoeël, aanlê met daardie teleskoop, ek het geweet binne 'n paar oomblikke wanneer hy daardie sneller geraak het, hy was 'n dodelike skut, het ek geweet, sou hy haar getroue hart regdeur haar skiet.

170 En: "Hoe kon hy dit doen?" Ek het gedink: "'n Wreedaardige man soos wat daardie is, sou daardie moeder daar neem, wat haar babatjie probeer kry, daarbuite op soek na haar babatjie, en sou haar getroue hart reg uit haar uitskiet." Ek het gedink: "Wat 'n wrede kêrel moet dit wees. Hy sal dit tog sekerlik nie doen nie."

171 En toe die—die slot toegegaan het op die model 70, toegegaan het soos *daardie*, het die takbok dit gehoor, en sy het omgedraai, en sy het die jagter gesien. Maar het sy beweeg? Nee, meneer. Hoekom? Sy was 'n moeder. Dood of nie dood nie, haar babatjie was in die moeilikheid, sy het daardie babatjie probeer vind. Sy, het oral gekyk, die babatjie het geroep. Sy kon dit nie help nie, sy was 'n moeder.

172 Ek—ek—ek—ek het amper gehuil, ek het net my kop weggedraai, ek het gedink: "God, ek kan dit nie sien nie. Hoe kan hy dit doen, die hart van daardie ou moeder daar uitskiet, terwyl sy staan en soek na haar babatjie? 'n Egte vertoning van getrouheid, en hoe kan hy dit doen?" Hy het aangelê soos *daardie*, daardie stil senuwees. Ek het my rug gedraai, en ek het gesê: "Hemelse Vader," onder in my hart: "moet hom dit nie laat doen nie. Moet hom dit nie laat doen nie. Hoe kan hy dit doen? Hoe kan hy daardie moederhart so uitskiet, terwyl sy haar babatjie so probeer kry?"

173 En ek het gewag, en die geweer het nooit gevuur nie, ek het 'n bietjie langer gewag, die geweer het nooit gevuur nie. En ek het omgedraai om te kyk, En *hier* is hoe die geweerloop gegaan het, net geskud. En hy het opgekyk, en die trane wat teen sy wange afloop, sy lippe wat bewe, hy het die geweer geneem en neergegooi, op die sneeuwal, en my om die broekspyp gegryp, hy het gesê: "Billy, ek het genoeg gehad. Lei my na daardie Jesus toe waarvan jy praat."

174 Hy's nou 'n diaken in die Baptiste kerk. Net daar op daardie sneeuwal, het ek hom na Christus toe gelei. Hoekom? Hy het iets egs gesien, hy het iets gesien wat nie aangesit was nie, hy het gesien daar was iets egs. Hy het geweet daar was iets agter dit. Sy was 'n moeder, sy was 'n gebore moeder.

175 God, maak my 'n Christen soos daardie, laat my 'n Christen wees, dat ek so eg kan wees dat mense, wat op soek is na iets egs, iets kan sien wat eg is, en weet dat God eg is.

176 Laat ons ons hoofde buig. Hoeveel hierbinne . . . Wees eerlik. Net 'n oomblik, sal julle? Wees eerlik. Hoeveel van julle wil graag die soort van 'n . . . soveel van 'n Christen wees, soos wat daardie takbok 'n moeder was? Steek jou hand op, sê: "Dis ek, Broer Branham. Ek—ek—ek wil daardie soort Christen wees." God seën jou.

177 Hemelse Vader, hoe min het ek geweet, terwyl ek in daardie sneeu gestaan het daardie dag, my voete nat, daardie man wat my om die bene vashou en huil . . . Wel, ek reken die takbok is steeds daar saam met haar babatjie, ek hoop so. Min het sy geweet wat sy gedoen het.

178 Maar God is in staat om uit hierdie klippe, te spreek. Daardie wreedaardige man het iets egs gesien. Hy het soveel skyngeloof en aansit gesien, dat God, omdat hy self 'n jagter was, met hom

moes werk op daardie manier, om te sien dat daar iets was wat eg was. En as hy nog vandag lewe, 'n lieflike Christen, wedergebore, hoe ons u dank daarvoor, Vader.

179 Ek sien omtrent vier, vyfhonderd hande, miskien na aan, miskien meer as dit, wat 'n paar oomblikke gelede opgegaan het, dat hulle—hulle 'n regte Christen wou wees, Here. Ek moes hierdie week skel, God, uitroep daaroor, wonder net wat my broers daarvan dink, wonder wat U dink. Ek het probeer eerlik wees, Here. Die mense het gesit en wonder. Mag dit nou alles verby wees, Here. Mag dit net alles opgebreek en afgehandel wees. Mag ons na die God toe kom wat ons weet 'n werklikheid is. Ons kan elkeen daardie ondervinding hê om 'n regte gebore Christen te wees, net soveel soos wat daardie takbok 'n moeder was. Skenk dit, Here. Hoor ons, bid ek.

180 Elkeen nou, met julle hoof gebuig, julle oë gesluit, ek wil hê julle moet net in julle hart sê, net 'n klein gebedjie bid: "God, wees my genadig." Dis reg. Hê net geloof, moenie twyfel nie.

181 O God! Elkeen van julle wat voel dat Christus naby jou is, steek net jou hand op, sê: "Ek—ek glo net Hy is baie na aan my, vanaand, ek voel net Sy Teenwoordigheid." God seën julle. Hou net aan bid. Dis reg. "God, ek wil dit graag sien." Hê net geloof, glo. "Maak my 'n Christen, Here, net soos . . . net soveel Christen as wat daardie—daardie takbok 'n moeder was."

182 Hoeveel was nog nooit tevore in die diens nie? Steek jou hand op, nog nooit in die diens was nie. Wel, God seën julle, baie. Lig julle hoofde net 'n oomblik op, as julle klaar gebid het, ek wil hê julle moet hiernatoe kyk.

183 Ek het hierdie week gepraat van 'n Jesus wat lewe. Ek het julle nie uit 'n geloofsbelydenis vertel nie, ek het julle met 'n Bybel vertel, met Sy Woord, ek het Sy belofte gegee, dat Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Glo julle dit? Nou, as Hy . . . As julle iets egs kon sien, sou julle dit wou hê, sou julle nie? Moenie . . . Jy wil niks vals hê nie, julle wil iets hê wat eg is.

184 Mag God julle wys, vanaand, net hier, dat ek julle die waarheid vertel het, dat Hy die Messias is, lewendig. Moenie nou twyfel nie, glo julle. Kyk hiernatoe en sê in jou hart vir Christus: "U is daardie Hoëpriester, ek glo dit." Onthou, laat ek dit duidelik maak: Ek is nie die Hoëpriester nie, ek's net julle broer, Hy is die Hoëpriester. My aanraking sal niks beteken nie, Sy aanraking sal dit doen. Julle aanraking is waarvoor Hy wag, julle aanraking, julle geloofsaanraking. En as Hy dit gedoen het in Sy dag, sal Hy dit weer vandag doen. Glo julle dit nie?

185 Daardie man, wat *daar* sit, met hoë bloeddruk, hand teen sy kakebeen, glo jy dat God jou genesing sal gee van daardie hoë bloeddruk, Meneer? Glo jy dit? Steek jou hand op, sê: "Ek sal dit aanvaar." Ek ken nie die man nie, maar dis waar.

186 Die dame wat *daar* langs jou sit, het ook 'n vroue-siekte. As sy sal glo met haar hele hart. . . Glo jy dit, Suster? Steek jou hand op.

187 Is dit iets wat eg is? Dis Jesus Christus, die Seun van God. Daardie vrou wat kon aanraak, destyds *daar*, deur die gevoel van haar swakhede, daardie vrou het ook aangeraak. Moet net nie twyfel nie, hê geloof.

188 Dame wat *hier* reg onder sit, sy het kanker. Sy bid vir haar kanker. Sy het ook 'n—'n kleinkind waarvoor sy bid, die kleinkind is vertraag. Glo jy dat God sal genees? Ek's 'n vreemdeling vir jou. As dit reg is, wuif jou hande soos *hierdie*.

189 Nou, waarom het julle nie gisteraand daardie soort geloof gehad nie, julle almal? Glo net, moenie twyfel nie. Sit jou hand op daardie dame reg langs jou. Sal jy vir my 'n guns doen? Sy ly aan 'n keelprobleem. Hê net geloof.

Sien hoe maklik dit is as julle dit net sal glo? Moenie twyfel nie, glo net met julle hele hart. Is Hy nie goed en wonderlik nie? Is dit nie werklik nie?

190 Man wat reg *hier* oorkant sit, hy ly aan komplikasies, het maagprobleme, lewerprobleme.

God, moenie dat hy dit mis nie.

191 Mnr. Brines, glo. Jy het dit. Dis nou te liefdevol. Moenie—moenie enigiets doen wat Dit onderbreek nie, laat Dit aangaan. Ek ken nie die man nie, ek het hom nog nooit gesien nie. God in die Hemel weet dit, en hier's my Bybel oor my hart, Hy kan my hierdie einste minuut doodslaan.

192 Wat het hy aangeraak? Wie het hy aangeraak? Wie dit ook al was daar oorkant, as ons nie mekaar ken nie, ons vreemdelinge is, steek jou hand op, wie die persoon ook al was. Enige van die mense wat geroep is, as ons vreemdelinge vir mekaar is, steek jou hand op. Ons nie mekaar ken nie. Steek julle hande op, wie ook al daardie mense was, wat nou so pas geroep was, uh-huh, sekerlik. Sien?

193 Wat van iemand aan *hierdie* kant? Dame wat *daar* sit, wat reguit na my kyk, sy is doodbang vir daardie kanker. Sy wonder, jy wonder of dit jy is: "Is dit ek, wat die een is waarmee jy praat?" Ek sal jou sê wie dit is, jou naam is Mev. Brown. Nou, jy weet nou met wie ek praat. Glo jy dat God jou genees het? As jy glo, steek jou hand op, sê: "Ek aanvaar dit." God seën jou.

194 Daardie alkoholis waarvoor jy bid, glo jy. Jy het met jou hele hart probeer, maar dit het nie so goed gewerk nie. Maar moenie bekommerd wees nie, Hy weet daarvan. Nou, as dit waar is, wuif jou hand soos *hierdie*. Niemand weet dit behalwe jy en God en ek nie. Hoe het ek geweet waaroor jy bid? Jy moet glo. Jy moet geloof hê, moenie twyfel nie.

195 Daardie gekleurde dame, wat daar langs jou sit, van Portland, um-hum, ja, glo jy met jou hele hart? Mev. Beck, jy kan—jy kan huis toe gaan, ook gesond wees, Jesus Christus het jou genees. Amen.

196 Glo julle daar is iets egs hier, vanaand? Wie is dit? Jesus Christus die Seun van God. Glo julle dit nie? Nou, as jy 'n ware Christen wil wees, glo my. Hoe kan ek hier staan? Hoe kan die Heilige Gees werk soos hierdie, hierdeur, om . . . deur 'n huigelaar? Dink julle God sal 'n huigelaar eer? Nee, meneer.

197 Ek het sekerlik 'n idee van Hom na twinti- . . . een-en-dertig jaar van diens, sewe maal om die wêreld. Sekerlik is daar allerhande soorte . . . God sou dit nie toelaat nie. Ek vertel julle die waarheid, vriende. Hierdie is waar. En dis eerlik waar.

198 Nou, ek weet dis net nou . . . Ek—ek's ver verby. Ek sou, het ek julle gesê, daardie gebedskaartjies roep. Maar dis amper tienuur. Ek—ek weet nie waar die tyd heengaan nie, ek's jammer om julle te hou soos hierdie. Ek het belowe ek sou dit nie doen nie. Ek probeer om net weg te kom daarvan, net vir 'n oomblik.

199 So help my, God van die Hemel weet dis die waarheid, daardie Engel van God wat julle op daardie foto sien, is net nou, net hier, by die platvorm. Dis SO SPREEK DIE HERE. Sien iets wat eg is, glo dit. As ek hier moet staan, môremiddag, tot die son ondergaan, tot tienuur môre-aand, sal ek vir elke siek persoon bid wat voor gebid wil word, wat daardie kaartjies het, as julle my julle net nie te lank laat hou, vanaand nie.

200 Ek wonder iets. Ek gaan julle net 'n vraag vra. Elkeen van julle wat weet dat julle nie soveel Christen is as wat daardie moeder was . . . as wat daardie takbok 'n moeder was nie, terwyl julle iets reg in julle gesig hier sien . . .

201 Ek het weer iets net daar sien gebeur, daardie vrou wat net *daar* sit.

202 *Hier* is die man met daardie prostaatprobleem, wat in die nag opstaan. God seën jou, broer, dis verby. Nou, draai dit net oral, dit gaan net oral heen. Toe ek . . . Toe daardie ongelowige iets gesien het wat eg was, was hy gereed om te bekeer, net daar.

203 Ek wonder, vanaand, of ons nie sommer nou 'n goeie toewydingsdiens kan hê nie. Laat ek eers vir julle bid, waar julle sit. Laat ek oor hierdie sakdoeke bid. Kom ons buig ons hoofde.

204 Hemelse Vader, ek lê my hande op hierdie sakdoeke, en seën hulle in die Naam van Jesus Christus, U Seun. God, waak hieroor. En, Hemelse Vader, daar's baie siekes daar in die gehoor, daar's baie wat bid vir hulle geliefdes, ek kan dit voel, dit sien. Hulle sien daar's iets wat aangaan, Here.

205 Ek word swak, swakker die heeltyd, ek bid, God, help my. Help my nou om 'n gebed van geloof te bid vir hulle, God. Hulle het hier gesit en dit uitgehou deur die hitte, baie van hulle het met

moeite hier gekom. Moenie—moenie dat hulle dit mis vanaand nie, God. U is hier om dit te doen, laat hulle sien dat dit eg is.

206 Vader God, eendag was daar 'n seuntjie wat sy vader se skape opgepas het. Ons ken hom as Dawid. Hy was geïnteresseerd in sy vader se skape, daardie skape was onder sy beheer geplaas, en hy moes hulle oppas, nie een van hulle moet verlore gaan nie, en 'n leeu het ingekom en een gevang.

207 Klein Dawid het nie 'n magnumgeweer gehad nie, hy het net 'n slingervel gehad, maar hy het op U vertrou. Hy het vorentoe gegaan, hy het daardie skapie gekry wat daardie leeu gevang het. Hy het die leeu verslaan, en die skaap teruggebring na die groen weivelde, en hom neergelê langs die stil waters, want dit was sy vader se skaap.

208 Dierbare Hemelse Vader, vanaand het siektes soos hartprobleme, kanker, tuberkulose, kreupeles, daardie duiwels van leeus, ingekom en van U skape gevang, is besig om hulle weg te sleep. Hulle is gesleep deur elke dokter se kantoor en kliniek, hy sleep hulle weg, ek gaan agter hulle aan, vanaand, Here.

209 Ek het niks anders as hierdie slingervelletjie van gebed nie, maar U het belowe: "Die gebed van geloof sal die siekes red." Hulle is U skape, en ek kom agter hulle aan.

210 Satan, jy sal, hulle moet loslaat, ek bring hulle terug, vanaand, deur 'n gebed van geloof. Laat los hulle, en los hulle uit, ek eis hulle op vir die Here God. In die Naam van Sy Seun, Jesus Christus, mag jou greep van ongeloof oor hierdie gebou gebreek word en elkeen van hulle genees word.

Skenk dit, Vader, in Jesus se kosbare Naam.

211 Moet dit nie betwyfel nie, glo dit. Glo julle dit? Steek jou hand op, sê: "Ek glo dit, Broer Branham, ek glo dit." As God hier kan staan en gebruik hiervoor . . . Het Hy nie ook gesê: "Die gebed van geloof sal die regverdige red," nie? U het dit gebruik op alle manier . . .

212 Nou hoeveel hierbinne, wat God nie ken nie, en 'n Christen wil word, steek jou hand op. Sê net: "Ek wil my hand opsteek, Broer Branham, ek wil 'n Christen word." Hoeveel kerklidmate hier, wat regtig weet jy lewe nie soos jy behoort te lewe nie, daar's dinge wat jy net nie kan verstaan nie, jy's—jy's baie deurmekaar, jy weet nie wat om te doen nie, en jy sal regtig 'n ware Christen wil wees? Steek jou hand op, sê: "Bid vir my, Broer Branham." God seën julle.

213 Ek wonder, terwyl ons 'n lied sing, as ons orrelis vir ons 'n akkoord sal gee: "Ek het Hom lief, ek het Hom lief omdat Hy my eerste liefgehad het," ek wonder net, net soveel wat glo dat God my gebed sal verhoor, en julle God nodig het daarvoor, sal julle nie kom en sê: "Ek gee my lewe oor, siel, omdat ek iets sien wat eg

is, iets wat uit die Bybel is, eg, en ek kom op, vanaand, en staan rondom die altaar, ek kom om my stand in te neem, net nou. En van vandag af vorentoe, so help my God, sal ek my lewe aan Hom toewy. Ek sal 'n beter lidmaat in my kerk wees, ek sal 'n meer toegewyde Christen wees. Van hierdie uur af verkoop ek alles van die wêreld uit, ek gaan 'n ware Christen wees, van hierdie uur af, deur die genade van God. Ek kom op, Broer Branham, om hier te staan, ek wil hê jy moet vir my bid"?

214 Sal julle kom, terwyl ons sing? Kom, staan net reguit op en kom. God seën julle, daardie . . . Wie julle ook al is, kom sommer nou. Dis reg. Toewyding, dis wat ons wil hê.

Ek het Hom lief (Het julle Hom regtig lief?
Beteken jou siel nou enigiets vir jou?), . . .
Hom lief
Omdat . . .

215 Ek wil probeer handskud met soveel as wat ek kan. [Broer Branham verlaat die mikrofoon om hand te skud met hulle wat opgekom het rondom die altaar; sy woorde is onherkenbaar—Red.] . . . ? . . . Staan hier by die altaar, saam.

216 Wil jy nie afkom, jou lewe toewy nie? as jy 'n Christen is, en nie lewe, net in oorwinning, soos jy moet nie, jy weet as Jesus vanaand sou kom, jy nie gereed sou wees om te gaan nie, jy sou bang wees daar sou iets verkeerd wees. As jy sou huis toe gaan, hier, in die pad begin afgaan, en jy sou voel jou hart gee in, die dokter na jou pols moet kyk, sê: "Uh-oh, kan dit nie help nie. Jy's gedaan."

217 Wat as 'n ongeluk, en die bloed begin uitloop, jy voel jou hart beweeg, jy's onder 'n motor, vasgekeer? O, jy wens jy het gekom. Dis te laat dan, kom nou. Julle moenie 'n kans vat op enige tyd nie, vriende, kom.

218 Nou, laat ek vir julle sê, julle sal nooit niks sien wat meer eg is van God, tot julle Jesus van aangesig tot aangesig sien nie, want dis presies wat Hy gedoen het toe Hy hier was. En Hy sal dit weer doen, as Hy hier gestaan het, terwyl hierdie dag aangaan. Wil jy nie kom nie?

Ek het lief . . .

Sing almal. Kom ons steek ons hande op.

. . . Ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

219 Eendag wil jy hê Hy moet sê: "Dis wel gedaan, My goeie en getroue dienskneg. Hy wat sy sonde sal bely . . . "

220 "Maar as ek my ongeregtigheid in my hart hou, dan sal God nie my gebed hoor nie," het Dawid gesê. Wat is ongeregtigheid? Ongeregtigheid is iets wat jy weet wat jy doen, wat jy nie behoort

te doen nie, en steeds nie wil bely nie. As ek ongeregtigheid in my hart hou, in die wete dat ek dit moet doen, en dit nie doen nie, dan het God belowe, die Bybel belowe dat God nie jou gebed sal hoor nie, as jy weet jy moet dit doen en dit nie wil doen nie. Dit reg, broers? Dit reg, predikerbroers? Dis waar: "As jy ongeregtigheid hou . . . "

221 Nou, as jy aan hierdie kerke behoort, sê jy: "Wel, *daar* staan my pastoor, hy glo dat ek 'n Christen is." Reg. Kom wy jouself weer toe. Jou pastoor sal bly wees daaroor, hy sal beslis, hy sal bly wees om te weet. Hy ken die ware opregtheid, en die begeerte van jou hart is om te doen wat reg is. Ek het . . . As dit my kerk was, sou ek beslis. En julle is my kerk, die hele wêreld is my gemeente, so julle is my kerk. Nou, as jy hier is, en jou lewe wil toewy, terwyl ons nog een keer sing en dan gaan ons bid, kom nou.

Ek het Hom lief, . . . Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Golgota's . . . (. . . ?. . .)

222 Kom ons buig nou ons hoofde, neurie . . . ?. . . Gaan nou hier onder na die mense toe. Almal bid. Nou, jy het hiernatoe gekom. Nou, is die enigste ding wat jy kan doen, om uit jou hart te bely, te bely dat jy verkeerd is en te glo.

223 Nou, God het jou hier sien oploop, Hy is oneindig, Hy weet alles daarvan. En Hy het jou hier sien oploop, Hy was die Een Wat met jou gepraat het, Hy het jou hart geken, Hy het gespreek en jy het vorentoe gekom. Hy sien jou net nou. Bely jy dat jy verkeerd is, sê: "God, ek's jammer dat ek dit gedoen het. Help my vanaand, Here, ek wil hê U moet my vergewe. Deur U genade sal ek getrou bly aan U tot die einde van die wêreld, ek sal U dienaar wees." Nou, laat almal in die gehoor buig en bid.

224 O God, ons Vader, ons nader U Genadetroon. Om hierdie altaar staan, vanaand, staan 'n, groot aantal mense. Baie van hulle is lidmate van kerke. Sommige van hulle het miskien nog nooit 'n belydenis gemaak nie; party van hulle het dit gemaak en gefaal. Maar, God, ek weet U het vertroue in 'n man, dat terwyl hy probeer, faal hy, en dan genoeg van 'n soldaat om op sy voete te kom en weer te probeer.

225 God, ek bid dat U elkeen van hulle versoeke sal beantwoord. Hulle staan nou hier, hulle hoofde gebuig, hulle harte gebuig, hulle glo U nou. U is hulle God. Hulle bely dat hulle verkeerd is, en hulle—hulle wil reg wees, Here; hulle wil hê dat alle ongeloof van hulle weggeneem word. Laat die omringende sondetjies wat hulle so maklik ontstel, laat dit weggeneem word van hulle af, vanaand, nooit weer terugkom nie.

226 Ek pleit vir elkeen van hulle. U het hulle dopgehou toe hulle opgestaan het uit hulle sitplek, afgekom het van die balkon, afgekom het uit die gange. Jy sê: "Wel, dit . . . Ek kon daaragter

gestaan het en dit sou net so goed gewees het." God, die altaar-oproep was om hiernatoe te kom, en dit het gewys dat hulle nie skaam was om te erken hulle was verkeerd nie. En hulle het gekom, om voor God en die heilige Engele te bely, om voor hulle medemens te bely, dat hulle verkeerd was, en dat hulle reg wil wees. Toe hulle hier opgestap het, het hulle eie voetstappe hulle belydenis gedoen.

227 Nou, U het belowe dat hulle vergewe sou word, en ek weet hulle is, Here. En ek gee hulle nou oor aan U, as U dienskneg, in 'n woord van gebed, in die geloof, deur in my hart te voel dat die groot Heilige Gees baie tevrede is met wat hulle gedoen het.

228 En ek bid, God, dat hulle 'n oorwinnaarslewe sal lei vir die res van hulle dae, die res van hulle dae vol oorwinning mag wees. Mag Satan, mag siekte, hulle verlaat, mag daar nie 'n ding wees wat hulle pla nie, en mag hulle U dien al die dae van hulle lewe. En eendag, as U vertoef, en hulle gaan af na die uur van die dood, en die ou koue winde begin oor die bed waai, of die koue mis van die Jordaan oor hulle gesig kom, weet ons dat daardie Ou Skip van Sion haar fluitjie sal blaas en sy sal verbykom en daardie reisiger oplaai om dit oor die rivier te neem. Skenk dit, Here. Laat hulle veilig land in die—die Land van belofte.

229 Gee vir hulle die Ewige Lewe, Here, en rig hulle op in die laaste dae. Skenk dit, Here. Mag, môre, elkeen van hierdie kerklidmate na hulle kerk toe gaan met 'n stralende gesig en 'n getuienis tot die heerlikheid van God, dat hulle 'n nuwe Anker gevind het, vanaand, en hulle nou toegewyde Christene tot U diens is.

230 In Jesus' Naam vertrou ek hulle toe aan U met my gebed. En, O Here, as ek genade in U oë gevind het, neem elkeen van hulle, ek gee hulle vir U met my hele hart, in Jesus' Naam.

231 Nou, diegene, wat nou rondom die altaar is hier, wat opgekom het om julle belydenis te maak dat julle verkeerd was, en julle glo dat God julle vergewe, ek wil hê julle, moet julle hande opsteek soos hierdie. Steek op jou hand, sê: "Ek voel in my hart dat God my vergewe het, en van hierdie aand af belowe ek dat ek God beter sal dien die res van my dae."

232 Nou, ek wil hê julle, moet reguit omdraai, na die gehoor, net reguit omdraai, julle almal by die altaar, draai reguit om na die gehoor, reguit om soos *hierdie*. Nou, steek weer julle hande op, na die gehoor, en sê hierdie: "Bid vir my." Sê dit saam met my: "Bid vir my." Almal wat. . . Die mense wat hier staan, herhaal agter my aan, [Diegene by die altaar herhaal agter Broer Branham aan—Red.] "Bid vir my, dat ek altyd getrou sal bly aan God. Ek weet, broer, suster, dat ek God sal dien, en ek verlang julle gebed."

233 Nou, almal van julle daarbuite, wat dit sal doen, steek julle hande uit na hulle, en sê: [Gemeente herhaal agter Broer

Branham aan—Red.] "My broer en suster, ek belowe my gebed en my ondersteuning aan julle, my liefde en my getrouheid, as my broer en suster. God, help my om so te maak. Amen."

234 Nou, almal van ons met ons hande op na God . . .

Ek het Hom lief, ek het Hom lief . . .

235 (Goed, pastoor, onthou môre se dienste. Jammer om laat te wees, sê julle vir hulle dat ek elkeen van hulle sal kry, as ek tot middernag môre-aand moet bly.)

Kyk, Meer As Salomo Is Hier AFR62-0721
(Behold, A Greater Than Solomon Is Here)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagaand, 21 Julie 1962, by die National Guard Armory in Salem, Oregon, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2022 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org